# HOOFSTUK 8

## 8 Evaluering

### 8.1 Inleiding

In hoofstukke 2 tot 6 is gepoog om 'n objektiewe weergawe vanuit empiries-sosiologiese standpunt te bied van wat onder die verskynsel van studenteaktivisme verstaan moet word. Dit was hoofsaaklik 'n analitiese studie, gegrond op die gegewens uit talle teoretiese beskou=inge, empiriese navorsingsresultate en persoonlike onderhoude. Daar is getrag om op sistematiese wyse die talle relevante belangrike as=pekte van die verskynsel vanaf die meer in-die-oog-lopende fasette aan die oppervlakte tot by die diepere agtergrondsfaktore te ontleed en te beskryf. Soos in die inleiding in vooruitsig gestel, het die skrywer hom egter probeer weerhou van enige vooringenome stand=punt. Die beskrywing het wel talle interpretasies van gegewens ge=impliseer, veral by die ontleding van die agtergrondsfaktore maar dit was nog geen gedetailleerde evaluering en kritiese beoordeling van die opstandige student en sy optrede nie.

In hoofstuk 7 is gepoog om vanuit die gesigspunt van die wysgerige sosiologie 'n prinsipiële analise te maak van die struktuur van die universiteit en van die plek wat die student daarin behoort in te neem.. Met hierdie analise as vergelykingsmateriaal en kriterium kan daar nou tot die eintlike evaluering oorgegaan word. Daar moet by hier=die evaluering grondig ingegaan word op die vraag na die ideologiese beïnvloeding en na die diepste religieuse grondmotief van die opstandige

student. Verder moet die verskillende standpunte van die aktivis in die weegskaal geplaas word en ten slotte moet die antwoord van deel=nemende demokrasie, veral in die universitêre situasie, na waarde geskat word.

## 8.2 Ideologiese beïnvloeding van die studenteaktivis

Daar is reeds in die ontleding van die studenteaktivisme vasgestel dat daar by die beweging geen besondere voorkeur vir 'n bepaalde ideologie te vind is nie. Sommige het selfs die karakteristiek van 'n anti-ideologie daaraan toegeken.[1] Die beweging sou dan geken=merk wees deur 'n openheid van gees en deur 'n leef- en denkwyse wat vanweë sy anti-doktrinêre karakter 'n kruistogstyl openbaar. Onder die lede van die beweging sou daar 'n wyd vertakte oortuiging bestaan dat ideologiese kompromie afbrekend is vir morele suiwer=heid en dat dit seksionalisme, tweedrag en verbrokkeling in die hand werk.

Hierdie stellings besit 'n groot element van waarheid. Ideologiese beleidsverklarings en politieke programme binne die raamwerk van 'n bepaalde politieke teorie bestaan daar nie veel in die kringe van die „New Left" nie, net soos wat dit ook nie onder die Hippies te vinde is nie. Dit skyn werklik soms asof daar 'n opsetlike vermy=ding van spesifieke, in die geskiedenis gewortelde, ideologieë is.

1) Horowitz and Friedland, op. cit., p.107.

Dit ly egter geen twyfel nie dat daar sprake kan wees van 'n beïnvloe=ding van die radikaliste deur verskillende strominge en groot denkers. Hierdie beïnvloeding is nie altyd ewe duidelik sigbaar nie en vanweë die openheid is dit in elk geval ook nie enkelvoudig nie. Daar kan selfs sprake wees van 'n verskuiwing van aksente sodat die beïnvloe=ding vanuit 'n bepaalde rigting gaandeweg steeds duideliker sigbaar word.

In 1967 het Jack Newfield die radikalistiese denke nog as 'n vae meng=sel van verskeie tendense beskrywe deur te verklaar: „The New Radicalism is authentically new in its vague weaving together of anarchistic, existential, transcendental, populist, socialist and bohemian strands of thought." [2)]

Teen die einde van 1969 het dit volgens Kenneth Keniston soos volg daar uitgesien: „The influence of Mao Tse-Tung, mediated through the Progressive Labor Party and Worker-Student Alliance, is only one of many new influences. The writings of Fanon, Debray, and other apostles of armed revolution have had their effect; the models of revolutionary leaders like Castro, Guevara, and Ho Chi-Minh have become more important; and Marxist and neo-Marxist concepts in=creasingly dominate the political rhetoric of radicals." [3)] Hiernaas sou ook nog die onmiskenbare invloede van skrywers soos Herbert

2) Newfield, op. cit., p.132.

3) Keniston. Youth and dissent, p.271.

Marcuse en Norman Brown genoem kan word.

Vir ons doel van evaluering van die studenteaktivisme en veral vir die doel van vasstelling van die religieuse grondmotief daarvan, kan met die bespreking van Karl Marx en Herbert Marcuse se invloed volstaan word.

### 8.2.1 Karl Marx se invloed

Die invloed van Karl Marx moet nie so geïnterpreteer word asof „Das Kapital" of enige van sy ander werke vir die radikaliste in enige stadium die vorm aangeneem het van 'n beleidstuk of 'n pro= gram van aksie nie. Dit is eerder so dat sekere aksente wat Marx gelê het ten opsigte van 'n antwoord op die politieke en kulturele problematiek van sy tyd, ook by die studenteaktiviste teruggevind kan word.

In die eerste plek speel die begrip en lewenshouding van „alienation" 'n belangrike rol. Lewis Feuer gee 'n raak tekening van studente= aktivisme onder die titel van „alienational Marxism": „Alienational Marxism refuses to be reconciled to bureaucratic society; it is voluntarist rather than determinist; it affirms the power of the individual will as gainst historical inevitability; it identifies itself with the lowliest in society in gesture, speech, clothes and song; it finds a higher virtue in the Negro, or the Cuban, or the Chinese, than in the white American. It believes in its own direct action rather than in the processes of representative democracy. It is

against the System, against the Establishment."[4]

Dit is duidelik dat die situasie waarin die studente verkeer sowel as hulle denkpatroon en optrede, nie vir honderd persent in die raamwerk van Marx se teorie en sy tyd pas nie. Die studente is immers geen onderdrukte werkersproletariaat nie, maar, soos vroeër vasgestel, af= komstig uit 'n bevoorregte middelklassamelewing waar nie van onder= drukking sprake kan wees nie. Hulle voel hulle egter wel vervreemd en ontworteld in 'n industrialistiese en burokratiese samelewing en hulle identifiseer hulleself op simboliese wyse met die minderbevoor= regtes. Die onrus en die ontevredenheid, die opstand en die anargie is egter duidelike Marxistiese trekke.

In die tweede plek het die Marxistiese gedagte van egte gemeenskap steeds die studenteaktiviste aangespreek. Vroeër is daarop gewys dat die Amerikaanse demokrasie die gedagte van „community", wat ook basies is vir die Humanisme, uitgehol het. By die ontwortelde jeug staan die behoefte aan gemeenskap sterk op die voorgrond, en dit is geen wonder nie dat die Marxisme 'n geweldige beroep op hulle gedoen het ten opsigte van die bevrediging van dié behoefte. Karl Marx was die denker wat die proletariaat bewus gemaak het van die toestand waaronder hulle verkeer het, nl. vervreemding, onderdrukking en veronregting. Hierteenoor het Marx die gevoel van gemeenskap,

4) Feuer, op. cit., p. 513.
Cf. Rich, John Martin. Intellectual sources of student militancy. (In Brickman and Lehrer, op. cit., p. 146.)

gestimuleer deur die deelgenootskap aan dieselfde lot, die nastreef van dieselfde ideaal en die betrokkenheid by dieselfde revolusionêre optrede, by die proletariaat opgewek. By die studente het dit ook om die „saamvoel" en die „saamdoen" gegaan. Daarin het hulle weer iets beleef van 'n „community" wat nie meer inhoudloos is nie. Nadat die student in die „Free Speech Movement" in 'n sekere sin die oorwinning behaal het op die Berkeley-kampus in 1964, kon die aktivistiese deelnemers hulleself nie sover kry om te ontbind nie. Gedurende verskeie weke daarna het hulle in demonstrasies, „sit-ins", stakings en nagtelike wagbeurte 'n nuwe soort „communion" gevind. Dit was 'n remedie, so het hulle gemeen, vir hulle gevoel van ontworteling. Kort daarna het hulle verlange na dieselfde opwindende gemeenskap uitdrukking gevind in slagspreuke soos: „Happiness is a Thing Called People ... We've Discovered Each Other. We Don't Want to Lose Each Other. We're having a People to People Rally."[5]

In die derde plek vind ons in die Marxisme die ontwikkeling van die idee van die outonome menslike persoonlikheid.[6] Dit is heeltemal in lyn met die basiese denke van die Humanisme. By die neo-Marxisme kom die gedagte nog sterker na vore. Dit word die mens in vooruitsig gestel dat hy in die proses van revolusie teen die gevestigde magte in staat sal wees om vir homself volle vryheid

5) Feuer, ibid.

6) Dengerink. The spirit of revolution in Western society, p. 20.

te realiseer. Ook hierin stem dit ooreen met die religieuse grond= patroon van die Humanisme. Die klem val egter nie op die orde= ning van die natuur nie maar op die vryheidsideaal. Die relevansie hiervan vir die begrip van die studenteaktivisme is duidelik. Omdat dit van so 'n fundamentele belang is, word later daarop teruggekom.

In die vierde plek is die invloed van Marx ook duidelik sigbaar by die studenteaktivisme ten opsigte van sy leer aangaande protes en selfs revolusie. Marx het dit in sy werke oor die mensonterende sosiaal-ekonomiese ordening van die samelewing gehad. In hierdie ordening is daar 'n bepaalde kategorie wat daaronder gebuk gaan en dit is die arbeidersklas, die proletariaat. Hulle menswaardigheid word deur die kapitalisme se groot industrieë gekrenk. Hierteen moet daar geprotesteer word, en Marx se hele bedoeling was om die arbeidersklas meer en meer bewus te maak van dit wat in die hart geleef het, nl. 'n felle protes teen die verontmenslikingsproses, die dehumanisering wat in die kapitalistiese maatskappy aan die gang is. By protes alleen moes dit ook nie bly nie. Marx het besonder dui= delik te kenne gegee dat daar tot daadwerklike revolusie oorgegaan moet word. Hy het in soveel woorde die proletariërs van alle lande opgeroep om hulle te verenig in 'n revolusie en hulle te organiseer in 'n gemeenskaplike opstand teen die bestaande orde. In hierdie op= trede sou geen middel te erg wees nie.

Dat dit in die studenteaktivisme gaan om protes en in baie gevalle om revolusie, is reeds aangetoon. In die beginjare het die motief van revolusie sekerlik geensins op die voorgrond gestaan nie, maar allengs het dit al sterker na vore gekom, sodat teen die einde van

die sestigerjare meeste van die opstande wat plaasgevind het, sterk revolusionêre trekke geopenbaar het. In dié tyd was die gebruik= making van geweld geen uitsondering meer nie, maar die reël.

Alhoewel ons verskillende trekke van die Marxisme in die teorie en praktyk van studenteaktivisme kon ontdek, kan nòg Marx nòg die Marxisme as 'n volledige raamwerk dien om die donker prent van studenteaktivisme in te plaas; trouens, die verskille is daarvoor te groot. Besonder nadruklik plaas Marx die klem op die klas, die arbeidersklas, die proletariaat, die revolusionêre agente - iets waarvan nie sprake is by die studente nie. Die studente is geen arbeidersklas en ook geen minderbevoorregte klas nie. Inteendeel, soos vroeër aangetoon, kom die studente juis uit bevoorregte huise en uit 'n samelewing van oorvloed. Hulle het self aan die oorvloed deel gehad, en tot 'n groot mate het hulle dit nog. Hulle vertoning van armoede is 'n simbool van hulle misnoeë met die samelewing van oorvloed en met die maatskappy. Verder verskil die hele mo= tief van misnoeë en die gevoel van veronregting wat daar by die stu= dente bestaan het van dié wat by die arbeidersklas bestaan het.

### 8.2.2 Marcuse se invloed

Waarskynlik was die invloed van Marx op die studenteaktivisme veel sterker op 'n indirekte wyse, nl. deur die werke van Herbert Marcuse wat in baie opsigte in sy filosofie die beskouinge van Marx en veral die neo-Marxisme ingevleg het. Dit is dus noodsaaklik om hierdie invloed ook te bespreek. Dit is nie maklik om vas te stel of

Herbert Marcuse beskou moet word as die intellektuele profeet van die studenteaktivisme nie en of hy net 'n spreekbuis was, 'n vertolker van die proteshouding en van die hele broeiende gevoel van onvergenoegdheid, ontworteling en opstand wat daar by die jeug aan die gang is. Wat ook al die geval mag wees, sy belangrikste werke het ongetwyfeld betrekking op die radikalistiese jeugorganisasies van vandag, en meer as eens maak hy ook in sy werke melding van die protesterende jeug sowel as die Hippies.[7] Vanselfsprekend sal ons nie hier aan die hele filosofie van Marcuse aandag gee nie maar hoofsaaklik aan sy maatskappykritiek waarin 'n duidelike weerspieëling van die kritiek van die kant van die radikalis gesien kan word.

Marcuse karakteriseer die huidige samelewing in die eerste plek as onderdrukkend. Dit is vir hom een van die wesenstrekke van die „Establishment". Oppervlakkig skyn dit nie so te wees nie want ons het te doen met 'n samelewing van oorvloed, 'n „affluent society". Hiervan sê Marcuse die volgende: „A model of course is American society today, although even in the U.S. it is more a tendency, not

7) Marcuse se belangrikste werke en artikels in dié verband is die volgende: Eros and civilization, a philosophical enquiry into Freud. Boston, Beacon Press, 1955; One dimentional man. Boston, Beacon Press, 1964; Das Ende der Utopie. Berlin, 1967; An essay on liberation. Boston, Beacon Press, 1969; Liberation from the affluent society. (In Hamalian and Karl, eds. The radical vision. Essays for the seventies. New York, Thomas Y. Cromwell Co. Inc., 1970.); Re-examination of the concept of revolution. (In Lothstein, op. cit., pp. 273 - 282.)

yet entirely translated into reality. In the first place, it is a capital=ist society. It seems to be necessary to remind ourselves of this because there are some people, even on the left, who believe that American society is no longer a class society. I can assure you that it is a class society. It is a capitalist society with a high con=centration of economic and political power; with an enlarged and en=larging sector of automation and co-ordination of production, distribu=tion and communication; with private ownership in the means of pro=duction, which however, depends increasingly on ever more active and wide intervention by government. It is a society in which, as I mentioned, the material as well as cultural needs of the underlying population are satisfied on a scale larger than ever before - but they are satisfied in line with the requirements and interests of the apparatus and of the powers which control the apparatus. And it is a society growing on the condition of accelerating waste, planned obsolescence and destruction, while the substratum of the population continues to live in poverty and misery."[8]

Uit hierdie aanhaling is dit duidelik hoedat Marcuse daartoe kom om van die samelewing te spreek as onderdrukkend. Die mens kan nie daarin tot sy reg kom nie. Een van die basiese of wesenstrekke van die mens, naamlik sy strewe na geluk en na vryheid, ly skade. Trouens, hy is van oortuiging dat die „affluent industrial society"

8) Marcuse, Herbert. Liberation from the affluent society. (In Hamalian and Karl, eds. The radical vision, p. 94.

van vandag op so 'n wyse met onderdrukking en oorheersing voortgaan dat dit die eise en die onaantasbare ideale van die genotsprinsipe van die mens totaal opoffer op die altaar van die sogenaamde werklikheids=prinsipe. Die werklikheidsprinsipe berus volgens Marcuse op die idee van prestasie. Die prestasiebeginsel tesame met die praktyk van produktiwiteitsverheerliking en konsumpsieverheerliking gee aan die samelewing sy huidige karakter. Dit is sy diktatuur. Die op=vallende is dat die burgers van hierdie „affluent society" slawe van die ontwikkelde industriële beskawing is, maar hulle is gesublimeerde slawe. Nietemin is hulle slawe, want slawerny word gedetermineer, volgens Marcuse, nie deur gehoorsaamheid of deur hardheid van ar=beid nie maar deur die status van alleen maar instrument te wees en die reduksie van 'n mens tot die status van 'n ding.[9)]

Die vanselfsprekende gevolg van hierdie situasie is dat daar 'n ver=vreemding kom by die burgers van hierdie samelewing. Die mens raak al meer vervreemd hoe meer gespesialiseerd sy werk word. Die mens leef nie meer sy eie lewe nie maar verrig vooraf opgestel=de funksies. Terwyl hy werk is hy nie besig om bepaalde behoeftes te vervul of sekere bekwaamhede uit te oefen nie maar hy werk in vervreemding, („in alienation").[10)]

9) Marcuse, Herbert. One-dimentional man. Boston, Beacon Press, 1964, p. 32.

10) Marcuse, Herbert. Eros and civilization, a philosophical enquiry into Freud. Boston, Beacon Press and Vintage Books, 1955, p. 41.

Dit is verder ook opvallend dat die ontwikkelde geïndustrialiseerde samelewing enkeldimensioneel geword het. Daarmee bedoel Marcuse dat die so nodige dimensie van kritiek en verandering in die same=lewing tot 'n groot mate uitgeskakel is. Daar is geen opposisie meer nie. Die tegniese apparaat van produksie en konsumpsie be=paal nie alleen die sosiale beroepe, vaardighede en houdinge wat no=dig is nie maar ook die individue se behoeftes en aspirasies. Dit skakel dus die opposisie tussen die privaat en die publieke bestaan uit, tussen individuele en sosiale node. „Technology serves to institute new, more effective and more pleasant forms of social control and social cohesion."[11].

Ten opsigte van hierdie samelewing moet daar, volgens Marcuse, ont=maskering kom, 'n ontmaskering naamlik van die status quo. Dit sal 'n openbaring meebring van die feit dat dominasie of onderdruk=king die eintlike essensie is van die hedendaagse hoogsontwikkelde industriële samelewing as 'n politieke outoritêre sisteem wat die eintlike essensie van die mens, nl. sy outonome selfbepaling, die bepaling van sy eie lewensgang, sy lewensgeluk en lewensblyheid, misken en frustreer. Die ontmaskering moet tegelykertyd 'n bevry=ding word: „... a liberation from the repressive, from a bad, a false system - be it an organic system, be it a social system, be it a mental or intellectual system : liberation by forces developing

11) Marcuse, Herbert. One-dimentional man, p. 5.

within such a system."[12]

Marcuse beskou dit as besonder beslissend. Dit moet in die eerste plek tot stand kom deur die algehele weiering om die „System" te aanvaar.[13] Deur so 'n absolute weiering kan die mense van die kettings bevry word. Die teoretiese bewussyn moet polities vertaal word, en nadat daar 'n insig gekom het, moet dit na buite uitbreek. Die rede, die ratio, moet revolusie word. Daar moet 'n transfor= masie van die bewussyn plaasvind.

Vir Marcuse kom dit dus daarop neer dat daar nie alleen 'n protes moet kom nie maar met die bewuswording van die situasie en met die protes wat daarop volg, moet dit ook in die rigting van revolusie

12) Marcuse, Herbert. Liberation from the affluent society. (In Hamalian and Karl, eds. The radical vision, essays for the seventies. New York, Thomas Y. Cromwell Comp. Inc., 1970, p. 90.)

13) Marcuse. An essay on liberation, op. cit., p. IX. Marcuse beskryf hierdie algehele weiering ook as 'n mobilise= ring van kragte: „Der Generalnenner, auf den ich diese Gesell= schaft bringen möchte, ist der, dass Sie eine Gesellschaft der per= manenten Mobilisierung ist, der permanenten Mobilisierung aller politischen, wirtschaftlichen, technischen, kulturellen Kräfte: Mobilisierung erstens gegen den äusseren Feind, gegen den Kom= munismus, zweitens gegen die eigenen Möglichkeiten des Systems". Marcuse, Perspektive des Sozialismus in der entwickelten Industrie= gesellschaft. Praxis, 2/3, Zagreb, 1965, p. 262. (Aangehaal deur Vardy, P. Opstand der studenten. Baarn, Het wereld= venster, 1969, p. 43.)

stuur. Die roeping tot die revolusionêre protes en tot die revolusionêre daad word 'n innerlike noodsaak. Vir Marcuse is dit totaal uitgesluit dat daar op die bewusmaking en die verspreiding van 'n bewustheid van 'n protes nie ook 'n revolusionêre daad van omverwerping sal volg nie. In hierdie hele konstellasie word dus 'n atmosfeer van radikalisme geskep. Die protes is 'n protes teen konformisme, teen die politieke masjien, teen die vergoddeliking van sukses, teen die heersende realiteitstruktuur van die huidige samelewing.
Dit is per slot van rekening 'n absolute uitdaging van, en aanklag aan die adres van die gevestigde gesag en van die „Establishment". Net soos by Marx is daar by Marcuse dus sterk revolusionêre aspirasies. Hy roep met kragtige woord op tot die revolusionêre daad. In sy opstel „Re-examination of the concept of revolution" leun hy geweldig sterk aan teen Marx en die Marxistiese opvatting van revolusie. Hy het natuurlik probleme met die toepassing van die Marxistiese revolusiegedagte in die eertydse samestelling van ekonomiese oorheersers en onderdrukte proletariaat teenoor 'n totaal ander samestelling van vandag. Nietemin meen hy dat daar wel op sekere punte in die tyd van krisis 'n alliansie tussen groepe van die werkersklas en die militante intelligentsia kan ontstaan. „The concept of revolution must take into account this eventuality of the diffuse, apparently 'spontaneous', disintegration of the system, the general loosening of its cohesion - an expression of the objective obsolescence of alienated labor, of the pressure for the liberation of man from his function as agent (and servant) of the process of production: the revolution may be seen as a crisis of the system in 'affluence' and super=

fluity."[14)]

Marcuse skroom nie om by sy beskrywing van die revolusie uitdruk=lik te stel dat dit met geweld gepaard moet gaan nie. Hy het 'n afsku in die geloof van 'n Ghandi of 'n Martin Luther King wat nie-gewelddadige verset verkondig het.

As Marcuse in die trant van Marx na agente vir die revolusie soek, dan noem hy onder die intelligentsia veral die studente, en onder die politiek-geartikuleerde en aktiewe groepe die werkersklasse terwyl hy meen dat beide die „System" as geheel verwerp en na 'n transforma=sie daarvan soek. Tog meen hy dat hierdie groepe vir die eintlike revolusie slegs voorbereidende arbeid kan verrig. Hulle grootste taak is radikale opheldering („enlightenment") in teorie en in praktyk, en die ontwikkeling van kaders en selle vir die opstand teen die glo=bale struktuur van die kapitalisme.[15)] „This class, this intelligentsia has been called the new working class. I believe this term is at best premature. They are - and this we should not forget - today the pet beneficiaries of the established system. But they are also at the very source of the glaring contradictions between the liberating capacity of science and its repressive and enslaving use. To activate the repressed and manipulated contradiction, to make it

14) Marcuse, Herbert. Re-examination of the concept of revolution. (In Lothstein, Arthur, ed. „All we are saying", The philosophy of the New Left. New York, Capricorn Books, 1970, p. 279.)

15) Ibid., p. 281.

operate as a catalyst of change, that is one of the main tasks of the opposition today. It remains and must remain a political task."[16]

Die appèl van Marcuse op die studente is so sterk omdat hy sy kritiek t teen die geïndustrialiseerde, burokratiese, onderdrukkende, „affluent society" ook op die universiteit oordra. Hy meen dat die wetenskap=like kennis en die huidige opvoedkundige sisteem meegehelp het om sake so ver te laat gaan soos dit vandag is. Trouens, hy meen dat die universiteite as deel van die status quo 'n reuse aandeel gehad het in die verworde toestand waarteen hy so heftig rebelleer. Hy beskou die hele opvoedkundige sisteem reeds as gepolitiseerd, en dit moet meer en meer ook gebruik word ten opsigte van 'n georga=niseerde program om 'n politiek aan die universiteite en hoër onderwys=instansies te beoefen wat die bestaande toestand van sake kan teëwerk en in sy teendeel omkeer. „What we want is a counterpolicy against the established policy. And in this sense we must meet this society on its own ground of total mobilization. We must confront indoc=trination in servitude with indoctrination in freedom. We must each of us generate in ourselves, and try to generate in others, the instinctual need for a life without fear, without brutality and without stupidity. And we must see that we can generate the instinctual and intellectual revulsion against the values of an affluence which spreads aggressiveness and suppression throughout the world."[17]

16) Marcuse, Liberation from affluent society. (In Hamalian and Karl, eds., op. cit., pp. 101, 102.)

17) Ibid., p. 102.

Marcuse stel ook 'n utopie in vooruitsig, 'n utopie waarin die faktor arbeid omgeskep sal wees of getransformeer sal wees in genot. Dit sou dan die oplossing wees vir die probleem van vervreemding („alienation"). Dit kan egter volgens Marcuse alleen geskied wanneer daar die totale verandering kom ten opsigte van sosiale instellings, 'n distribusie van die sosiale produk ooreenkomstig die behoefte, die toekenning van funksies ooreenkomstig die talent en die voorsiening van wat hy noem „attractive labour". Hierdie aantreklike arbeid is alleen moontlik wanneer arbeid omgekeer word of verander word in spel, en arbeid as vrye spel kan nie onderworpe wees aan adminis= trasie nie. Hy stel hom dit soos volg voor: „If pleasure is indeed in the act of working and not extraneous to it, such pleasure must be derived from the acting organs of the body and the body itself, activat= ing the erotogenic zones or eroticising the body as a whole; in other words, it must be libidinal pleasure."[18)]

In hierdie hele opset kom Marcuse se voorliefde en erkenning van die Freudiaanse denke ten opsigte van die seksualiteit te voorskyn. Ook by Marcuse speel dit 'n ontsaglike groot rol.

In die utopie, die sogenaamde derde ryk wat tot stand sal kom, sal die mens dan in onbekommerde vryheid leef, sonder onderdrukking van die kant van die „Establishment". Dit is 'n ryk van liefde, 'n

18) Cranston, Maurice, ed. The New Left, Six critical essays. Toronto, The Bodley Head, 1970, p. 98; Cf. Marcuse. Eros and civilization, p. 102.

ryk waarin die selfoutonomie volkome tot sy reg kom en waarin geen enkele dwangjuk gevoel word nie. Marcuse erken dat in hierdie ryk die seëninge van die kapitalistiese stelsel nog gebruik sal word. Daar bestaan 'n historiese noodsaak vir die voortgang in produksie en selfs produksievergroting omdat die mensheid daarsonder sou ver=val in nooddruf, siekte, honger en ellende.

Met die behandeling van die wysgerige insigte van Marcuse, wat neer=kom op 'n sterk kritiek teen die bestaande onderdrukkende samelewing en 'n poging om deur middel van revolusie 'n wêreld te skep waarin die mens tot ongedwonge vryheid sal kom, het 'n mens bekende klanke gehoor. Al die verskillende punte wat aan die orde gestel is, plaas ons midde in die wêreld, die denkwêreld sowel as die op=trede, van die radikaliste. Feitlik al die genoemde punte van be=spreking in die denke van Marcuse het ons reeds op een of ander wyse, miskien met 'n ander nuanse, in die teorie en praktyk van die studenteaktivis gevind. Op grond hiervan is dit geregverdig om te beweer dat Marcuse die grootste profeet van die „New Left" is of was. Al sou dit waar wees dat sy boeke wat in filosofiese taal en ingewikkeld geskryf is, nie deur die massa studente gelees is nie, het sy wysgerige denke as 'n „New Marxist" ongetwyfeld inslag ge=vind. In die evaluering van die studenteaktivisme kan ons dus van die kritiek teen Marcuse gebruik maak. Wat ons hier as kritiek teen Marcuse laat volg, geld noodwendig vir alle „New Marxists" en daarom ook vir die „New Left".

In hierdie kritiek wil ons begin met 'n aanhaling uit 'n artikel van Maurice Cranston waarin hy kernagtig die hele wysgerige denke van

Marcuse veroordeel. Dit lui soos volg: „One has only to set forth clearly the main lines of his thinking to reveal it as being at once nugatory and dangerous. It is nugatory because it rests on premisses which cannot be justified, and because it is developed by arguments which serve only to enlarge its defects. It is dangerous because it advocates intolerance and confers a blessing on violence. While paying lip-service to reason and truth, Marcuse appeals continuously to passion and recommends what can only be called the bending of truth to the service of a revolutionary end."[19)]

Dit is wel waar dat daar verskillende sake in die maatskappykritiek van Marcuse voorkom, sake wat ook oorgeneem is deur die „New Left", wat toegestem moet word. In die behandeling van die politieke en sosiale denke van Amerika het hierdie sake reeds aandag gehad.

Nietemin moet ons Marcuse beskou as die erfgenaam van die humanistiese denke. Zuidema noem dit die radikale Humanisme. Dit gaan hier om die selfopenbaring van die mens aan homself as outonome, vrymagtige wese. As Marcuse oor die „redelikheid" spreek, dan getuig hy volgens Zuidema van die groot apriori van die behoud van die radikale Humanisme wat die selfopenbaring van God afsluit en inkapsel of inperk in die mens se selfopenbaring. „Redelik" is dus by Marcuse post-christelik. Dit mond noodwendig uit in absolute sekularisme. „De redelijkheid van de autonome mens en van het

19) Cranston, op. cit., p.112.

geloof in zichzelf als essentieel autonome mens en van de wijsgerig-wetenschappelijke idee van de autonome, individuele mens staat dan als een redelijk, onaanvechtbaar kriterium voor waarheid en werke=lijkheid van het mens-zijn naar eigen (ook weer redelijk geacht) oor=deel buiten diskussie. En met haar de autonome, zichzelf determi=nerende, vrijheid van de individuele mens, die in en met deze vrijheid en eigen vrijmaking tot deze vrijheid, zichzelf buiten diskussie stelt en norm, waarde, zin en waarachtig zichzelf zijn en zichzelf worden, apriorisch evident stelt met absoluut gezag."[20]

Zuidema wys ook daarop dat sekularisme 'n wesenstrek geword het van 'n groot deel van die Westerse beskawing en dat dit inherent tot die verligte Westerse „Establishment" behoort. Hierteen het Marcuse dit egter nie.[21] Hy staan self binne die horison van hierdie „Establishment" en van hierdie status quo, en daarom dink en ageer hy ook vanuit hierdie sentrum. Dit is presies dieselfde geval met die studenteaktivis. Hy is in sy denke en doen in die humanistiese patroon van die moderne samelewing vasgevang. Daar ontbreek by hom die vertikale dimensie om in sy maatskappykritiek en in sy felle reaksie teen die onreg, sake in die regte perspektief te stel. In al sy argumente gaan dit nog steeds om die outonome mens wat in die sentrum staan en wie se rede ook die uitkoms moet bied. Net

20) Zuidema, S. U. De revolutionaire maatschappijkritiek van Her=bert Marcuse. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1970, p. 97.

21) Zuidema, op. cit., pp. 163, 164.

soos by Marcuse is by die studenteradikalis die uitgangspunt ook dat die bestaande wêreld per definisie korrup is en dat hy hom nie daar=aan kan konformeer nie. Hy moet hom distansieer, hy moet die rug daarop draai, hy moet daarteen protesteer, rebelleer en selfs trag. om dit om te keer. Nooit kan hy hom identifiseer met die bestaan=de orde nie. Van hieraf is dit geen groot stap meer na 'n teorie en praktyk van anargisme nie.

As daar een trek is wat besonder sterk by Marcuse figureer, 'n trek wat hy uit die Marxistiese teorie geleen het, is dit dié van anargis=me. Hierop wys ook Cranston: „But what is perhaps the most continuous defect of Marcuse's whole Marcho-Marxist theory is that it combines the worst features of both Anarchism and Marxism, with few of the merits of either. This comes out most clearly in the means he recommends to achieve his libertarian ends. For it is not that he proposes, in the manner of Bakunin and the nineteenth-century anarchists, simply to destroy the old system by burning down government buildings and so forth. Such destructive elan, however lamentable it may be in moral terms, is not inconsistent with a demand for the abolition of all government. But Marcuse asks for more than this. He calls not only for terror, but for a reign of terror. He asks for the suppression of conservatives, for the suppression of conservative speech, even of conservative thought. This requires the creation of institutions of suppression which must exist for as long as conservative thoughts are likely to continue in anyone's mind. Marcuse is therefore calling for something un=cannily like the State-that-is-to-wither-away (but not wither away very soon) which is at once the most conspicuous and the most

charmless feature of Communist Party ideology."[22)]

Dit is duidelik dat die studenteaktiviste Marcuse nie voetstoots en slaafs volg ten opsigte van al die konsekwensies van sy anargistiese idees nie, maar die trek van anargisme is onmiskenbaar in die leer en veral jongste optrede van die „New Left".

Hierdie anargisme gaan selfs veel verder as net 'n negering en ver= werping van die sosiale strukture, dit gaan tot die wortel van die menslike bestaan. Die ware anargis opponeer immers nie net die bestaande sosiale orde nie, maar hy verwerp ook alle gevestigde re= ligieuse en morele beginsels. Elke norm, waaroor dit ook al mag gaan, word omgekeer. Wat gewoonlik normaal genoem word, is per definisie abnormaal, wat geaksepteer word as logies, is vir hom per definisie onlogies. Ons het hier per slot van rekening te doen met 'n trek van onordelikheid en wetteloosheid waarin 'n vraagteken agter alle gesag geplaas word.[23)]

Die vraag ontstaan meermale of daar by die opstandige student in die V.S.A., soos wat hy hom in die afgelope dekade gedra het, inderdaad trekke van anargisme tot openbaring gekom het. By die ontleding van wat anargisme in essensie is, kan op die vraag afdoende geant= woord word.

22) Cranston, op. cit., pp.113, 114.

23) Cf. Dengerink, op. cit., pp.14, 15.

By die anargisme gaan die aksie aan die teorie vooraf en die spontane aksie is gebaseer op die solidariteitsgevoel van 'n bepaalde groep mense.

Anargisme word verder daardeur gekenmerk dat dit nie vir iets stry nie maar teen iets; dit is dus wesenlik negativisties.

Daar is by anargiste ook geen omskrewe doeleindes nie. As gevolg daarvan is hulle nie tevrede met kompromisse of tussentydse resul= tate nie.

Die spontane aksie van die anargis is 'n daad van suiwer verontwaar= diging van die geëmansipeerde individu en dit kulmineer in opstand teen alle gesag.

Die anargisme verlang egter teoreties nie na chaos nie, maar na die broederlike maatskappy van volkome gelykes wat, aangedryf deur die natuurlike gevoel van solidariteit, alles uit volkome vrye wil en eie oortuiging doen. Dit sou 'n anargistiese utopisme genoem kon word.[24)]

Dit is presies hierdie faktore wat, bewustelik of onbewustelik, by die studenteaktiviste bespeur kan word. Hulle glo dat die bestaande

24) Vir 'n volledige ontleding van anargisme, cf. De Moor, op. cit., pp. 39 - 43 en Rammstedt, O. Anarchismus. Köln und Opladen, 1969.

gesagsverhoudinge die mens in sy kreatiewe moontlikhede en in die uitlewing van homself strem. Daarom is van bo af opgelegde gesag vir hulle taboe en wil hulle ook nie vaste organisasies of leiers daarop nahou nie.[25] Die anargistiese besluitvormingsideaal kan vir hulle alleen in 'n deelnemende demokrasie verwerklik word. 'n Sprekende voorbeeld of simbool van die anargisme van die opstandige student is die anti-universiteit.

Dit kan nie beweer word dat die tendens van anargisme altyd doelbewus en met voorbedagte rade by die opstandige student voorkom nie. Dit is reeds een van die trekke van die anargisme dat daar 'n sterk mate van spontaniteit in skuil en dat die uitgesproke doelstellings deugdeliker vertoon as wat die dade weerspieël. In hierdie geval word die opstand en selfs die revolusie aangevoer onder die onskuldige, selfs prysenswaardige banier van vryheid. Die vryheidstrewe van die studenteaktiviste vorm trouens die diepste religieuse grondmotief van hulle handelinge - 'n vryheidstrewe is dit egter wat 'n konsekwente vrug is van die Westerse en selfs tipies Amerikaanse Humanisme.

## 8.3 Beoordeling van aktivisme vanuit humanistiese grondmotief

Hiermee kom ons by die belangrikste kritiek teen die studenteaktivisme. Vanuit die religieuse grondmotief van die Humanisme beoordeel, naam=

25) Van den Bergh, op. cit., p.17.

lik die antinomie tussen natuur en vryheid, is vroeër vasgestel dat „the American way of life" gedetermineer is deur die pool van die beheersing van die natuur deur die outonome menslike persoonlikheid. Die Humanisme het dus ontaard tot 'n verontmenslikingsproses, 'n proses van dehumanisasie.[26] Hiertoe het bygedra: tegniek, orga=nisasie, korporatiewe liberalisme, burokrasie en alles wat daarmee saamhang. Die „Establishment" het alles gaan beheers.

Die reaksie hierteenoor is 'n tendens wat lankal in die samelewing aan die gang is sonder om opvallend te wees. In die jongste tyd het dit egter radikaal, akuut en selfs revolusionêr uitgebreek in stu=denteaktivisme. Die pendulum het dus deurgeswaai na die ander kant. Dit het 'n soeke geword na selfidentiteit, kreatiwiteit, outo=nomie van die mens, algehele vryheid. Die idee dat die mens in staat moet wees om hom te realiseer in volledige vryheid, staan sentraal in die denke van die studenteaktiviste. Daarop is die hele sterk opposisie teen die gevestigde magte gefundeer, en daarop is ook die behoefte van 'n ommekeer van die bestaande, die status quo, gebaseer. Daarin wortel selfs die neiging tot die idee van perma=nente revolusie. Nietemin gaan dit hier om 'n poging tot volledige verwesenliking van die humanisties-gefundeerde begrip van vryheid.

Ons het dus hier nog met dieselfde Humanisme te doen: ook die radikalis kan nie uit die humanistiese betrokkenheid op die antinomie

26) Cf. par. 6.6 hierbo.

tussen natuur en vryheid uitbreek nie. Die deurswaai van die pen= dulum, die verlegging van die aksent, die oorbeklemtoning van die vry= heidsideaal, 'n vryheidsabsolutisme, bied geen oplossing nie. Dit laat die radikalis daarteen noodwendig in die moeras van permissi= witeit en nihilisme, wat bloedbroers van anargisme is, beland.

In die verband moet dit gestel word dat Marcuse se wysgerige denke tog ook nie die volle antwoord bied op die vraag na die verstaan van die huidige studenteaktivisme nie. Daarvoor is nodig om te verwys na 'n bepaalde faktor wat vroeër by die ontleding van die vraagstuk van studenteaktivisme ook reeds aan die orde gestel is. Daar is nl. bemerk dat daar 'n sterk mate van kulturele onsamehangendheid by hierdie losgeslane en ontwortelde studente is. Daar is 'n gewel= dige probleem ten opsigte van selfidentiteit wanneer hulle op univer= siteit kom, en dit het vir geen geringe mate nie te doen met die so= siale en tegnologiese proses van verandering en met die gemoderni= seerde samelewing waarvan die universiteit 'n deel vorm. 'n Bepa= lende faktor in die proses van radikalisering is die verskynsel van 'n skerp diskontinuïteit tussen die norme waarmee die student in sy eie huis groot geword het en aan die ander kant dié waarmee hy aan die universiteit in aanraking kom.

Richard Flacks beklemtoon hierdie simptoom geweldig sterk ook in die konteks van die verklaring van die hele verskynsel van studente= aktivisme as hy daarop wys dat die humanistiese jeug in Amerika wel 'n sterk mate van diskontinuïteit tussen die familie en die groter sa= melewing ervaar wat noodwendig groot implikasies vir hulle meebring

ten opsigte van die verkryging of daarstelling van 'n identiteit.[27) ] Op al die punte van verskil hoef hier nie ingegaan te word nie. Dit is vroeër indringend aangetoon.[28)] Die belangrikste daarvan is die politieke oortuiging van die ouers wat beskryf kan word as politieke liberalisme, die godsdienstige oriëntasie wat op eksplisiete sekularis= me neerkom, en veral die metodes van opvoeding van die jeug aan 'huis - metodes wat op sulke houdinge soos skeptisisme teenoor outoriteit, gelykheid en persoonlike outonomie die aksent plaas. Dit is vanselfsprekend dat as hierdie intellektueel hoogstaande, anti-gesagsgeoriënteerde en sosiaal bewuste jongmense op die skole en universiteite beland, daar 'n aansienlike mate van diskontinuïteit met die gesagstrukture wat hulle daar teëkom, sal ontwikkel. „Affluence and secure status further waken the potency of conventional incentives and undermine motivations for upward mobility. The outcome of these processes is a new social type or subculture among American youth - humanist youth. Such youth are especially sensitized to injustice and authoritarianism, are repelled by acquisitive, militaristic, and nationalistic values, and strive for a vocational situation in which autonomy and self-expression can be maximized. They have been politicized and radicalized by their experiences in relation to the racial and international crises and by the failure of established agencies of renewal and reform, including the universities, to alleviate

27) Flacks, Richard. Student activism and protest. (<u>In</u> Sampson, Edward E. and Korn, Harold A., eds. Student activism and protest. San Francisco, Jossey-Bass Inc., 1970, p.157.)

28) Cf. par. 6.5.2 hierbo.

these crises. They also sense the possibility that opportunities for autonomy and individuality may be drying up in advanced technological societies."[29)]

Dit kom dus daarop neer dat die studenteaktiviste die ideale van Amerika ernstig begin neem het. Dit is die ideale van die Huma=nisme, van die vryheidstrewe van die Humanisme, die ideale van die outonomie van die menslike persoonlikheid en van menslike kre=atiwiteit - almal sake wat in gedrang kom in die huidige samelewing. Michael Harrington, een van die leiers van die „New Left", stel dit kernagtig soos volg: „They seemed to have believed what they were told about freedom, equality, justice, world peace and the like. They became activists in order to affirm these traditional values with regard to some ethical cause ..."[30)]

Die ideale van vryheid en van gelykheid word reeds vir eeue getroetel in die Amerikaanse volkslewe, maar die opstandige studente meen dat dit nie in die praktyk toegepas word nie. As hulle rondom hulle kyk, dan sien hulle diskriminasie en militarisme waarteen hulle in opstand kom. Dit is per slot van rekening die kern, die hart van hul weerstand. As hulle dus met die „Establishment" breek, is dit nie omdat hulle anti-Amerikaans is nie, maar omdat die „Establishment"

29) Flacks, ibid., p.19.

30) Harrington, Michael. The mystical militants; thoughts of the young radicals, a new republic book, 1966, p.66. (Aangehaal deur Gish, op. cit., p.19.)

dit is. Hulle voel hulle bedrieg deur 'n samelewing wat in talle gemeenplase praat oor indrukwekkende statistieke van suksesse maar wat nie in staat is om die aktuele probleme van die dag, soos burger=regte, armoede en buitelandse beleid op te los nie. Daarom sien hierdie studente die Amerikaanse samelewing as oneerlik en hipokri=ties.[31)]

Dieselfde toestand vind hulle ook aan die universiteit as sodanig, nl. die totale gebrek aan vryheid net soos in die res van die samelewing. Studente voel hulle dus ontworteld ook in die „multiversiteit", en hulle sien die universiteit as 'n inherente deel van die sisteem van korporatiewe liberalisme.

Die vryheidsideaal het diep wortels in die Amerikaanse geskiedenis. Thomas Jefferson was twee eeue gelede daarvan die groot voorvegter. Op die golf van die vryheidsideaal het die demokrasie in die V.S.A. vir twee eeue lank steeds hoër en hoër gery. Op allerlei wyses is die gedagtes by die burgers tuisgebring. Kinders in Amerikaanse huise en skole het daarmee opgegroei. Dit was dié altyd lokkende en nooit ten volle realiserende Amerikaanse droom. Dit was deel van die humanistiese strewe om, kragtens sy religieuse grondmotief, deur groter inspanning, sterker natuurbeheersing, suksesvoller mega=nisasie, outomatisasie en tegnologiese ontwikkeling individu en gemeen=skap tot ongekende hoogtes van vryheid en selfverwesenliking op te voer. Maar die hoogs intelligente, welvarende, kritiese, radikalis=

31) Ibid., p.19.

tiese student het eerste gaan besef dat dit grootliks 'n illusie is. „They are 'the children of the American dream' and they are dis= enchanted with the dream."[31] Hulle het openlik begin weier om te aanvaar wat hulle beskou het as 'n gaping tussen die aanvaarde, hoog= geroemde ideaal van vryheid en die deprimerende realiteit van die Amerikaanse burokrasie.[32]

Die Scranton-kommissie aksentueer hierdie motief by die opstandige student besonder sterk: „Among the members of this new student culture, there is a growing lack of tolerance, a growing insistence that their own views must govern, an impatience with the slow pro= cedures of liberal democracy, a growing denial of the humanity and good will of those who urge patience and restraint ..."[33] En ver= volg: „The new culture adherent believes he sees an America that has failed to achieve its social targets; that no longer cares about achieving them; that is thoroughly hypocrytical in pretending to have

31) Report of the special committee on campus tensions (Linowitz, Sol. M., Chairman). Campus tensions: Analysis and recommenda= tions. Washington, The American Council of Education, 1970, p. 18.

32) Carl Oglesby, een van die leiers van die SDS, het hierdie skiso= frene trek in die Amerikaanse samelewing duidelik gedemonstreer deur sy eie optrede soos volg te verklaar: „Others will make of it that I sound mighty anti-American. To those I say: Don't blame me for that! Blame those who mouthed my liberal values and broke my American heart." Oglesby, Carl. Let us shape the future. Chicago, Students for a democratic soc., p. 5. (Aangehaal deur Gish, op. cit., p. 20.)

33) The report of the President's commission on campus unrest, p. 5.

achieved them and in pretending to care; and that is exporting death and oppression abroad through its military and corporate operations. He wishes desperately to recall America to its great traditional goals of true freedom and justice for every man. As he sees it, he wants to remake America in its own image."[34)]

As dit by die opstandige student net by 'n beklemtoning van die tradisionele Amerikaanse ideaal van vryheid en gelykheid sou gebly het, as hy alleen maar die eeu-oue demokratiese ideaal verwerklik wou sien, dan sou sy idees spoedig versand het. Hy het egter veel verder gegaan. Sy optrede, soos reeds vasgestel, het trekke van anargisme geopenbaar en, wat sy vryheidstrewe betref, dit het spoedig in uiterstes ontaard.

In die deurswaai van die pendulum na die vryheidsmotief in die antinomie natuur en vryheid, in die groter aksent of uitsluitlike aksent op die vryheidstrewe, het die radikalis in individuele liberalisme verval. Terwyl hy die rug op die korporatiewe liberalisme gekeer het kon sy inherente humanistiese instelling hom nie vrywaar van die gevaar om in dié liberalisme te bly steek nie. Hy het dit trouens nou tot sy uiterste konsekwensies gevoer, nl. bandeloosheid op die gebied van seks, dwelmmiddels en die verwerping van outoriteit.

Vryheid wat geen perke meer ken nie, vryheid wat oor alle normatiewe versperring heenstap, vryheid wat terwille van vryheid beoefen

34) Ibid., p. 64.

word, het verabsoluteerde vryheid geword. Dit is 'n vryheid wat homself vernietig omdat dit tot 'n Frankenstein-monster ontaard.

Al sou daar dus vanuit die gesigspunt van die tradisionele Amerikaanse liberalisme 'n inisiële edel motief by die studenteaktivis aanwesig ge= wees het deurdat hy met die nasionale vryheidsideaal erns wou maak, het dit spoedig 'n totaal ander karakter aangeneem. By sommige het dit ontaard in algehele persoonlike permissiwiteit. In hierdie opsig vind daar by sommige politiek-georiënteerde aktiviste en by baie kultureel-georiënteerde Hippies 'n gruwelike ontsporing plaas. Hulle opvattinge en handelinge berus op 'n basiese verkeerde beoor= deling van die wesenlike aard van die mens. Daar is nie en kan nie so iets wees soos algehele vryheid nie. Nie alleen kan die bro= se liggaam van die mens met sy normale behoeftes dit nie vat nie, maar ook die gees van die mens word spoedig oorspan as alle bande verbreek en die spore waarin vryheid waarlik gepositiveer word, ver= laat word. 'n Ontspoorde trein snel sy eie vernietiging tegemoet. Vryheid begin eers daar waar die mens norme eerbiedig; vryheid kom tot ontplooiing in die weg van selfdissipline, gehoorsaamheid, volharding en geloof. Waar die mens dus dink of handel asof hy absolute vryheid kan beoefen, verkeer hy in 'n waan, in 'n „fool's paradise". Hy is besig om homself te vernietig in selfsug, gevoel= loosheid, onverantwoordelikheid en onverskilligheid terwyl hy terself= dertyd tot op sekere hoogte ook ander kwes.[35] Absolute vryheid

35) Cf. Kennan, George F. The Student Left - rebels without a program. Readers Digest, Jan., 1969, p. 82.

is destruktiewe vryheid en werk per slot van rekening slawerny in die hand. Dit ontaard uiteindelik in nihilisme.

Om dit te begryp, is dit nodig om 'n ander tendens in die Humanisme voor die gees te roep, 'n tendens wat vroeër reeds onder bespreking was, nl. sekularisme.[36) ] 'n Jeug wat opgegroei het in huise en on= derwys ontvang het in skole waarin religieuse wêreldvisies gerelati= veer en onskadelik gemaak is en waarin die newels van elke geslote wêreldbeeld opgetrek is, loop gevaar om in totale vervreemding te ver= val. En, so beweer Feuer, wanneer algehele vervreemding intree, dan tree die nihilisme aan die lig.[37)] Daarom is dit dat 'n nihilis= tiese motivering baie aktiviste karakteriseer. In die mees algeme= ne terme beteken nihilisme, volgens Feuer, die verwerping van dit wat oorgelewer is. „Nihilism is thus the aggressive component in younger-generational revolutionary ideology: it states that the values, philosophies, attitudes transmitted to us, foundations of our cultural heritage, are basically at fault ... nihilism is characterized by a psychology of compulsive negation; it is a general 'No', the cultural equivalent of the primal parricide."[38)] Hierdie analise van Feuer lê heeltemal in lyn met sy ekstreme en ietwat simplisties-eenvoudige verklaring van studenteaktivisme as 'n vorm van generasiekonflik. Vroeër is reeds vasgestel dat so 'n eenduidige verklaring met verskil=

36) Cf. par. 6.4.6 hierbo.

37) Cf. Feuer, op. cit., p.514.

38) Loc. cit.

lende empiriese ondersoeke strydig is. Dit bevat maar 'n gedeelte van die waarheid.[39]

Nietemin is Feuer reg in sy bewering dat baie radikaliste as gevolg van uiterste vervreemding en van 'n verabsoluteerde vryheidsideaal in die moèras van nihilisme beland het.

Naas dié trek van anargisme het daar al sterker by die opstandige student dus ook die trek van nihilisme te voorskyn gekom. Evans argumenteer in 'n artikel onder die opskrif: „Nihilism, a product of the liberal system" dat, hoewel talle faktore bygedra het tot die akkumulasie van kampusonrus, die hoër onderwysinrigtings self groot=liks daarvoor verantwoordelik is: „It should be apparent, at all events, that the disorienting effect of the collegiate experience bears some relation to the nihilism of our youthful revolutionaries. Having programmed our young with a value-free mentality, we should hardly be astounded if some of them respond with a value-free political movement. Nor should we be astounded if this movement grows progressively more violent and insensitive to the rights of others, since these are characteristic features of nihilism. Those who start with unlimited freedom in the moral realm all too often arrive at unlimited despotism in the political."[40]

39) Cf. par. 6.1.3 hierbo.

40) Evans, M. Stanton. Nihilism, a product of the liberal system. (In Wallerstein and Starr, op. cit., II, p. 433.)

Die analise van die opstandige student se woorde en dade het aan die lig gebring dat te midde van 'n samelewing van uiterste welvaart, van ontsaglike tegnologiese ontwikkeling en ongekende wetenskaplike prestasies en moontlikhede, hy tog rusteloos, soekend, gefrustreerd en selfs ontgogel is. Hy verwerp summier die status quo ten opsigte van politieke en ekonomiese aangeleenthede, hy verwerp die tradisio=nele en algemeen aanvaarde etiese norme, hy draai sy rug op 'n ethos van roepingsbewussyn en pligsbesef, van werkywer en verantwoordelik=heid, van rasionaliteit en opwaartse sosiale mobiliteit. Daar is by hom 'n ontevredenheid en misnoeë ten opsigte van die bestaande orde, ook aan die universiteit, en hy gee opvallend die indruk asof hy op die rand van wanhoop beweeg.[41)] Al hierdie houdinge en gedrags=lyne verraai 'n sterk nihilistiese motivering.

Nog in 'n ander opsig blyk dit dat die besondere vergestalting van die liberalisme, soos dit in die radikale Humanisme van die studenteakti=

41) Cf. Mayhew, Lewis B. (In Smith, Stress and campus response, p. 145.)
By die Hippie kom die nihilisme op 'n ander wyse tot openbaring. Dit neem die vorm aan van mistisisme - nihilistiese mistisis=me. Vasgevang in die bande van tegnokrasie, gekomputeriseer deur die burokrasie, probeer die ontnugterde mens homself los=wring. Hy probeer dan sy vryheid vind buite die tegnokrasie, buite die wêreld waar die wette van naturalisme, determinisme en scientisme geld. Hy word dan 'n aanhanger van mistisisme waar irrasionalisme, bandelose vryheid en allerlei Oosterse re=ligieë die mens totaal in beslag neem. Cf. Rookmaker, H.R. Modern art and the death of a culture. London, Inter-varsity Press, 1970, pp. 202, 203.

viste voorkom, aan homself getrou is. Die geskiedenis het geleer dat die liberalisme in die reël in gebreke gebly het om die faktor van die sonde ernstig te neem. Ooreenkomstig die basiese uitgangspunt van die Humanisme dat die mens in die sentrum van sy lewens- en wêreld=beskouing staan en dat die mens nie wesenlik sleg is nie, skryf hy die kwaad in die samelewing aan baie ander faktore toe behalwe aan homself. Dit mag wel waar wees dat die „New Left" 'n raak analise van die samelewing gegee het, dit mag ook waar wees dat hulle die korporatiewe liberalisme reg tipeer, dog hulle het hopeloos gefaal om na die wortel van die kwaad deur te dring. Hulle sien die oorsaak, selfs die diepste oorsaak, van hulle vervreemding („alienation") alleen maar in die sosiale strukture self met hul onderdrukkende karakter=trekke. Hulle meen daarom dat redding alleen kan kom indien die sosiale strukture of „Establishment" in sy huidige vorm vervang of uitgeskakel word. Die samelewing bestaan egter per slot van reke=ning uit mense, en die kwaad setel nie maar in die samelewing nie maar in die mense wat die samelewing konstitueer. Die oorsprong van die sonde in die individuele mens word dus deur die radikalis nie raakgesien nie. Dat daar alleen 'n wesenlike verandering kan kom deur die reformasie van die hart van die mens, word ook deur hulle oor die hoof gesien. Alle kunsmatige veranderinge op die horisontale vlak in die samelewing, hoe vreedsaam of hoe revolusio=nêr dit ook al mag plaasvind, kan niks baat en sal geen werklike verandering meebring nie en sal met ander woorde geen oplossing bied nie, indien die diepste oorsaak van die kwaad nie verwyder word en reggestel word nie. Ten diepste moet dit kom tot belydenis van skuld en sonde. Dit moet kom tot 'n erkenning dat verlossing nie anders kan plaasvind nie as deur die genade in Christus, die Seun

van God. Slegs gehoorsaamheid aan Christus en uitbouing van die Koninkryk van God kan die begin van werklike reformasie in 'n deka= dente beskawing wees.

## 8.4 Beoordeling van die idee van deelnemende demokrasie

Soos vroeër vasgestel, is die belangrikste antwoord wat die „New Left" probeer gee het op die gesagsproblematiek waarmee hulle geworstel het, die idee van deelnemende demokrasie. Dat die idee geensins in die samelewing buite die universiteit gepositiveer is nie, dat dit alleen tot op sekere hoogte aan sekere universiteite van toepassing gemaak is en dat die idee waarskynlik sy oorsprong vind in die Marxis= tiese ideologie, is ook vasgestel.[42)]

Die saak is te belangrik om nie nugter en krities in die lig van die prinsipiële perspektief, wat in die vorige hoofstuk op die universiteit en die student bekom is, te bespreek nie. Dit gaan immers ten diepste om die plek wat die student aan die universiteit inneem.

'n Historiese studie in verband met die rol wat die student aan die universiteit vervul het en die verhouding tussen die drie belangrikste konstituerende groepe, nl. die studente, die dosente en die liggaam

42) Cf. par. 6.1.5 hierbo.

van beheer (soms kuratore genoem), bring besonder interessante ge= gewens aan die lig. Dit blyk dat die septer wat die eintlike beheer uitgeoefen het, nogal van tyd tot tyd van hande verwissel het.[43)]

Die eerste universiteit wat in Bologna, Italië, aan die einde van die 12de eeu in die lewe geroep is, is volgens Rashdall deur 'n gilde van studente geïnisieer.[44)] Die gesag ten opsigte van onderwysbe= leid en -praktyk het aanvanklik ook in die hande van die studente berus.[45)]

Nieteenstaande hierdie gesagsverhoudinge het dosente en studente tog 'n hegte akademiese gemeenskap gevorm.

Teen die einde van die Middeleeue het die gesag van die studentegilde egter gekwyn en die donateurs van die universiteite soos plaaslike besture, die kerk en die regering van die land, het op groter gesag aanspraak gemaak. Studente-outonomie is later tot 'n skaduwee gereduseer.[46)]

In Engeland het die dosentekorps gaandeweg die eintlike instansie ge=

43) Cf. McGrath, op. cit., pp. 9 - 21;
Rashdall, Hastings. The universities of Europe in the Middle Ages, I, London, Oxford University Press, 1936.

44) Rashdall, op. cit., pp. 161, 162.

45) Cf. McGrath, op. cit., p. 11.

46) Rashdall, op. cit., p. 212.

word wat die interne beheer van die universiteit sou uitoefen terwyl die beheer in Skotland in die hande van buite-universitêre instansies (leke genoem) beland het. Die Amerikaanse universiteite het van die begin af laasgenoemde voorbeeld gevolg.[47)]

Wat ook al die besonderhede van die geskiedenis verder mag wees, dit is duidelik dat studente tot aan die sestigerjare van die 20ste eeu hoogstens sporadiese en informele maar geen gereguleerde invloed op akademiese aangeleenthede aan die universiteite uitgeoefen het nie. Aan Amerikaanse universiteite en kolleges is hierdie toestand egter vinnig besig om te verander. Dit het vir geen geringe mate nie gebeur as gevolg van die volgehoue eise wat deur die studenteaktivis=te gestel is. Die eintlike vraag wat ons tans besig hou, is hoe om die eis van deelnemende demokrasie wat die opstandige student stel, te beoordeel.

Daar is vroeër reeds aandag gegee aan die outoriteitskrisis en dit het geblyk dat daar 'n groot element van waarheid steek in die bewering dat die aktivistiese studente agter die legitimiteit van outoriteit vraag=tekens plaas.[48)] Na 'n opsomming van 'n hele aantal strypunte wat van tyd tot tyd deur studente geopper is, konkludeer Bloustein: „The connection between these seemingly isolated forays is that they all represent a testing of the academic decision process, they all go to

47) Cf. McGrath, op. cit., pp. 14 - 16.

48) Cf. par. 6.1.4 hierbo.

challenge the legitimacy of the constitutional apparatus of the college or university."[49] Sommige gaan so ver as om aan die aktiviste die motief van algehele oorname toe te dig: „All the 'issues' and 'de=mands' are merely preparatory to the real goal: a takeover. The Left wants control of admissions policy, control of faculty appoint=ments and promotions, control of course offerings and of degree requirements, and control over the disposition of university funds ... As Lewis Feuer has pointed out: 'behind all the phraseology of dia=logue there is the simple fact that the ideology of the New Left is one of imposing the will of a small elite, a band of activists, on national policy'."[50]

Of dit nou op die landsregering of op die universiteitsbeheer van toe=passing gemaak word, die idee van deelnemende demokrasie moet ge=sien word as 'n poging van die kant van die opstandige student om veel groter mag te bekom. Die idee behels dan vanselfsprekend dat, wat die universiteit betref, dit as 'n politieke sisteem gehanteer moet word. Daarby is die uitgangspunt dat in enige ontwikkelde samelewing wat nie gebuk gaan onder totalitêre oorheersing nie, die politieke stelsel allermins deur 'n regering van bo na onder gekarak=teriseer moet wees. In die plek daarvan moet daar 'n idee van partisipasie ingebou word. Hierdie nosie van partisipasie wat deur

49) Bloustein, op. cit., p.59; Cf. Linowitz, op. cit., p.14.

50) Hart, Jeffrey. The American campus: Sierra Maestre? (In Wilhelmsen, Frederick, ed. Seeds of anarchy: a study of campus revolution. Dallas, Argus Academic Press, 1969, p.43.)

talle studente en selfs dosente in vlammende letters op die opstands=vaandels geskryf is, wil reg laat geskied aan demokratisering maar dit word gedruk deur talle besware.

In die proses van demokratisering en in die propagering van die idee van deelname of partisipasie word gedink aan die universiteit as 'n de=mokratiese instelling en dan wel in die sin van 'n politieke demokra=sie. Al die aspekte wat geldig is vir 'n politieke demokrasie word dan „holus bolus" op die universiteit toegepas sonder om eers vas te stel of dit toepaslik is.

Daar sou naamlik drie modelle van 'n politieke demokrasie onderskei kan word waarvan nie een op die universiteit van toepassing is nie.

In die eerste plek is daar in sommige hedendaagse demokrasieë, en dan word veral gedink aan die V.S.A., die sg. burokrasie waar 'n magtige uitvoerende gesag alle heerskappy in hande het en tussen die eleksies sonder veel formele kontrole van enige kant die dinge be=heers. Die enigste kontrole is dan die vae en onbelynde publieke opinie. Dit is teen hierdie soort van demokrasie wat van die kant van die studente beswaar en selfs heftige weersin gekom het sodat die begeerte ontstaan het om dit geheel en al om te keer.

In die tweede plek is daar in die politieke demokrasie die model van 'n verteenwoordigende regering: regering deur 'n parlement met rade en komitees waarin diverse belange behartig word deur afge=vaardigdes wat met groot verantwoordelikheid in sodanige posisies geplaas is. Uiteraard verg hierdie soort van demokrasie politieke

partye wat met uitgewerkte programme die burgers van 'n land bear=bei en oortuig of ten minste probeer oortuig van die adekwaatheid van die programme. Partypolitiek is egter 'n gespesialiseerde aktiwiteit wat geensins tuishoort by 'n universiteit nie. Net so min as wat 'n burokrasie aan die universiteit tuishoort, net so min kan hierdie model van die demokrasie klakkeloos van die universiteit geld of op die uni=versiteit van toepassing gemaak word.

In die derde plek het nou veral van die kant van die protesterende studente die derde model van 'n politieke demokrasie aksent ontvang, nl. dié van die partisiperende of deelnemende demokrasie. Hierdie model van die demokrasie veronderstel dat 'n mens se belang as lid van 'n gemeenskap kwalitatief superieur is oor al 'n mens se ander belange en dat dit nie gedelegeer kan word nie, d.w.s. dat niemand anders daardie belange kan behartig nie. Elke lid van die gemeen=skap moet 'n bydrae lewer tot die algemene wil. Hierdie uitgangs=punt skyn aantreklik te wees en die studente maak daar veel van maar dit werk nie uit nie. Dit is wel so dat die huidige generasie van studente hierdie soort deelname as 'n wyse van totale betrokkenheid beskou. In die praktyk egter is die resultaat nie die triomf van die wil van die algemene publiek nie, maar dit is die triomf van die wil van die manipuleerders – hulle dus wat die visie het om die algemene wil te definieer en die energie het om dit uit te voer.

In elk geval word hierdie model van die deelnemende demokrasie dan idealitêr gesien asof die universiteit 'n klein nasie is, maar die vraag kom dadelik op of die algemene wil van hierdie nasie dié is van die lede van die universiteit kragtens hulle burgerskap van die

land, in watter geval die universiteit se outonomie verdwyn en of dit die algemene wil van die lede is kragtens hulle deelgenootskap in die akademie in welke geval dit weer terugkeer tot die ivoortoringsituasie. Hierdie model kan aan die universiteit nie die oplossing bied nie. Dit het in die praktyk trouens alleen maar uitgeloop op totale politi= sering van die universiteit.[51)]

Trouens, om die universiteit op politieke lees te skoei, soos wat die aktiviste doen, tas die struktuurtipiese aard van die universiteit aan.

Robert Brustein kommentarieer soos volg: „Clearly, it is absurd to identify electoral with educational institutions. To compare the state with the academy is to assume that the primary function of the univer= sity is to govern and to rule. While the relationship between the ad= ministration and the faculty does have certain political overtones, the faculty and administration can no more be considered the elected representatives of the student body than the students - who were admitted after voluntary application on a selective and competitive basis - can be considered freeborn citizens of a democratic state: the relationship between teacher and student is strictly tutorial. Thus,

51) Cf. Hoffmann, op. cit., pp. 206 - 209. Daar kan ook ander onderskeidinge ten opsigte van die beheer op die universiteit van toepassing gemaak word. Robert P. Wolff, bv. onderskei vier vorme of modelle, nl. anargisme, aristokrasie, demokratiese pluralisme en deelnemende demokrasie. Cf. Wolff, op. cit., pp. 112 - 123. Peper en Wolters onderskei weer tussen die koalisiemodel, die „paritaire" model en die demokratiese model. Cf. Peper en Wolters, op. cit., pp. 109 - 123.

the faculty member functions not to represent the student's interests in relation to the administration, but rather to communicate knowledge from one who knows to one who doesn't. That the reasoning behind this analogy has not been more frequently questioned, indicates the extent to which some teachers are refusing to exercise their roles as professionals."[52]

52) Brustein, Robin. The Case for professionalism. (In Bander, ed., op. cit., p. 56); Cf. Bloustein, op. cit., p. 61. Dwyer gryp die saak in sy kern as hy soos volg redeneer: „The differences between an autonomous political entity and an educational institution seem greater than the similarities and thus the analogy seems untenable as an argument ...

„The case for higher education as a democratically conducted enterprise is not at all clear and is yet to be made. Next, higher education is a unique institution which is not closely paralleled by any other institution in our society, including political ones. Thus, analogies with them from either view=point, while persuasive, have no justificatory force. Further=more, just how one would apply democratic principles to higher education, even if one could justify doing so? Who are the citizens? Who votes? On what issues? Is every vote to count the same? Who will take legal responsibility for the institution if all involved take responsibility for major decisions? Do clerical, secretarial, maintenance, and custodial employees get a vote? Certainly, they have as much at stake in the function=ing of the community as others, and I have good reason to believe that they, too, have opinions and consciences. And what of those who pay for the operations of the academic community, e.g., parents, alumni, friends, corporations, government, and foundations? Do they have votes? I have yet to see a detailed comprehensive plan of democratic participation by faculty, students, and others in the academic community. Until

Nie een van die modelle van die politieke demokrasie kan op die universiteit toegepas word nie aangesien die universiteit „sui generis" is. Aan die een kant is dit 'n organisasie met beperkte en bepaalde take en doeleindes en daarom is dit totaal verskillend van die nasionale gemeenskap of volk of nasie. Daar bestaan tans verskille oor die omvang en inhoud van hierdie doeleindes. Maar daar is nietemin 'n kern, hoewel vaag, wat die essensie van die universiteit verteenwoordig. Die essensie van die universiteit sou beskryf kon word as 'n akkumulasie en oordrag van kennis. Natuurlik is dit so dat die universiteit nie die monopolie het om kennis te skep of om kennis oor te dra nie, maar tog is dit een van die belangrikste instellings wat hiermee besig is en sou ons dit kon beskou as die basiese taak. Waar hierdie essensie verdwyn kan daar geen universiteit bestaan nie. Hierdie opvatting van die kern van die saak voorsien ons van beide 'n vertrekpunt en 'n draad waarlangs die gedagtes kan beweeg.

Die lede van die universiteit is immers opgelei om kennis te beheers. Kragtens sy strewe tot die ideaal van 'n gemeenskap van geleerdes

such is offered and analyzed, the suggestion is an empty slogan neither operationalized nor justified." Dwyer, Charles E. Freedom, dissent and responsibility in the academic community. (<u>In</u> Brickman and Lehrer, op. cit., p. 298.)

Rupp stel die saak nog meer kernagtig: „Gerade darin liegt das elementare Miszverständnis des Vergleichs mit parlamentarisch=demokratischen Entscheidungssystemen ... Auch Wissenschaft ist Herrschaft, aber Herrschaft, die nach ihrem eigenen Gesetz und nicht nach dem Gesetz der Souveränität des Volkes lebt." Rupp und Geck, op. cit., p. 12.

en kragtens die betrokkenheid van sy lede by hierdie ideaal, is die universiteit ongeskik vir enige soort vrywillige en telkens weer terug=kerende abdikering of afstanddoening van 'n bepaalde posisie soos wat die geval is met die burgers in gesagsposisies van 'n politieke sis=teem.

As daar dus strukturele hervorming aan die universiteit moet kom, dan moet gesorg word dat die essensie daarvan nie geskaad word nie. As die funksies van die universiteit bv., soos tans die geval is, ver=menigvuldig word tot in die oneindige, dan kom die outonomie van die universiteit ongetwyfeld in gedrang. Die kernfunksie van die universiteit kom dan in gevaar.

Daar kan dus totale betrokkenheid wees en deelname van die verskil=lende samestellende dele van die universiteit maar die beperkte take van die universiteit sal ongetwyfeld die verskillende vorme van betrok=kenheid bepaal asook die wyse van deelname van elkeen van die partye.[53)]

'n Verdere beswaar teen hierdie idee van deelnemende demokrasie is die veronderstelling dat die gesag geheel en al by die volk of die massa geleë is. Die uitoefening van die gesag sou dan beteken dat die stem van die massa gehoor, gevolg en geëerbiedig moet word. Dit is egter, afgesien van die prinsipiële besware waardeur dit gedruk

53) Wolff, op. cit., pp. 210, 211.

word, 'n praktiese onmoontlikheid. 'n Revolusionêre beweging kan vir korter of langer tyd, terwyl dit in aksie is, blyke gee van 'n be=paalde beleidspunt of rigting, maar dit is momenteel van aard. Son=der verteenwoordiging en delegering van gesag kan in elk geval geen besluite uitgevoer word nie.

Uitoefening van outoriteit en beheer veronderstel altyd kompetensie en kennis sowel as 'n mate van ervaring. Daar word van verskillende kante 'n groot vraagteken geplaas agter voorgraadse studente ten op=sigte van genoemde kwaliteite waar dit die beheer van 'n universiteit raak.[54) ] „Running colleges and universities is a difficult, complex, time-consuming task requiring highly developed technical and profes=sional skills. Students do not have the time, experience, or talents for these tasks."[55)]

Dit is verder ook 'n vraag of die blote feit van die mobiliteit van die studente die idee van deelnemende demokrasie nie onmoontlik en on=uitvoerbaar maak nie. Dit kan nie verwag word dat studente wat op eerste- en tweedejaarsvlak beweeg enige noemenswaardige bydrae kan lewer nie. Indien 'n student daarna betrek sou word by die

54) Hook, op. cit., p. 64.

55) Mayhew, op. cit., p. 48. Die rapport van die President se kommissie oor kampusonrus beklemtoon die faktor kernagtig soos volg: „Competence should be a major criterion in deter=mining involvement in the university decisionmaking process." Cf. Op. cit., p. 203; Cf. Parsons, op. cit., p. 172.

stelsel van beheer, mag dit wees dat sy dienste van korte duur is. Onwillekeurig kom die so noodsaaklike kontinuïteit van beheer in ge= drang.

Die belangrikste aspek waaroor dit hier gaan, is egter dié van outori= teit as sodanig. Daarby geld nie pragmatiese oorweginge in die toe= kenning van gesag en beheer aan studente of selfs 'n soort oplossing onder pressie nie, maar die basiese vraag in hoe verre medebeheer van 'n universiteit prinsipieel by studente tuishoort.

Die hele aangeleentheid van gesag, prinsipieel gesien, het vroeër on= der die aandag gekom.[56] As mens die opvattinge en uitgangspunte in die tipies pragmaties-georiënteerde Amerikaanse akademie aan die prinsipiële kriteria meet, dan word die wortel van die kwaad blootgelê. Soos by die empiriese ondersoek ook vasgestel, het die outoriteitskri= sis 'n lang geskiedenis.

Nietemin, as 'n mens 'n blik werp op die feitelike omstandighede in die V.S.A. ten opsigte van die verhouding van dosent en student, dan blyk dit dat dit juis op dié punt van uitoefening en erkenning van gesag haper. Studente noem dosente op hul naam, studente forseer hulle wens en wil af op dosente ten opsigte van die inhoud van die leerplan= ne en die metode van werk. Studente bepaal selfs die moontlikhede van bevordering van dosente. Studente sit in baie gevalle op beleids=

56) Cf. par. 7.3.4 hierbo.

komitees, departemente, fakulteite, senate en selfs rade van die universiteit.

Daar het allerweë die idee ontwikkel dat daar ten opsigte van gesag aan die universiteit 'n redistribusie moet plaasvind. Hierdie hertoekenning van gesag geld in die eerste plek die verhouding van dosent en student. Dit is egter ook van toepassing gemaak op die doel, die ideale, die standaarde, die prerogatiewe, die beleid en die beheer van die akademie.

Sommige sien die faktor van gesag aan die universiteit dan soos 'n pastei wat maar van tyd tot tyd kragtens die eis van omstandighede en die behoefte van die betrokkenes verdeel kan word. Dit word ook in hierdie opvatting so gesien dat hoe meer die een party bekom, hoe minder hou die ander oor. Hierdie opvatting van outoriteit is egter hol en leeg en besit geen diepere kragkern of sentrale norm nie.[57)]

Dit het dan 'n produk geword van die humanistiese opportunistiese uitgangspunt van die outonomie van die menslike persoonlikheid.

As mens nog dieper gaan delf in die huidige Amerikaanse akademiese struktuur dan bemerk mens dat die hele begrip van gesag in die akademiese verhoudinge tot op sekere hoogte 'n anakronistiese en verou=

57) Cf. Keeton, Morris. The disenfranchised on campus. (In Smith, ed. The troubled campus, p.116.)

derde begrip geword het. Die hoër onderwysinrigtings het allengs die idee ten prooi geval dat die begrippe soos gesag en dissipline ver= vang moet word met die begrip van „due process". Sommige neem die standpunt in dat daar van geen outoriteit aan die universiteit spra= ke is nie vir sover dit die opvoedkundige verhoudinge betref.

Hier kan veral verwys word na die standpunt van Robert Paul Wolff in sy boek: „The ideal of the university".[58] Wolff definieer outoriteit as die reg om te beveel waarmee gepaard gaan die reg om gehoorsaam te word. Hy onderskei dan twee soorte gesag: daar kan sprake wees van iemand wat 'n outoriteit <u>is</u> en van iemand wat outoriteit <u>besit</u>. Iemand is 'n outoriteit as hy baie van 'n onderwerp af weet. Iemand besit outoriteit as hy die reg besit om besluite te neem of bevele uit te reik wat andere moet gehoorsaam.

Die belangrikste funksie van 'n universiteit is volgens Wolff die funk= sie van onderwys. In die beoefening van hierdie funksie is daar voortdurend bepaalde verhoudinge tussen dosente aan die een kant en studente op verskillende stadia van ontwikkeling aan die ander kant. In al hierdie suiwer opvoedkundige verhoudings, beweer Wolff, is daar absoluut geen sprake van enige vorm van gesag nie.

58) Wolff, op. cit., p. 98 v.

Wolff meen dat daar drie basiese opvoedkundige verhoudinge aan die universiteit tussen sy lede bestaan: „The first is the relationship between an accomplished scholar and a student who wishes to become a scholar ... The second educational relationship, characteristic more of undergraduate than of graduate life, is a relation of a mature and developed intellectual to a young man or a woman still in the process of intellectual development. Finally, in a university we find educationally important relationships among students at every level of development, and analogous relationships among scholars and teachers ... If authority has a place in the educational relation= ships of the university, then it must be in one or more of these three relationships that it will be exercised. So our next question is simply this: In which of these educational relationships is there an appropriate exercise of authority?

„To put my case as simply and forcefully as possible, the answer is: None. Claims to authority, the exercise of authority, and submission to authority have no place whatsoever in any of the characteristic educational relationships of a university."[59)]

Daar is, volgens Wolff, wel aan die universiteit ander terreine buite die suiwer opvoedkundige terrein, waar gesag en beheer van toepas= sing is. Hierby is baie persone en instansies betrokke: die rektor, die raad, die administrasie, die senaat, die studente, ens. Hoof=

59) Ibid., pp. 99, 100.

saaklik vier terreine kan onderskei word: daar is regulasies in ver= band met die fisiese akkommodasie van die studente, soos koshuise; daar is eksterne verhoudinge aan die universiteit veral ten opsigte van die ekonomiese administrasie van skenkings wat beheer verg; daar is die kwessie van toelating en sertifisering van studente wat beheer moet word en daar is die hele kwessie van indiensneming van dosente, ontvangs en distribusie van studentegelde, subsidies, ens. Hierdie terreine is dan, streng gesproke, nie-opvoedkundige terreine en dit vra gesag en beheer.[60)]

In hierdie hele opset van Wolff word in die eerste plek die fout be= gaan dat hy in die funksies van die universiteit gaan onderskei tussen opvoedkundige en nie-opvoedkundige terreine. 'n Universiteit se samestelling is veel meer kompleks en geïntegreerd. Rupp druk dit kras maar raak uit as hy verklaar: „Indessen wäre es eine weltfremde Illusion, zu verkennen, dass in einer verwalteten Welt auch Forschung und Lehrer ohne rechtliche Organisation und Verwal= tung nicht mehr auskommen ... Es wäre deshalb eine ebenso irreale Illusion, nähme man an, die Wissenschaftsfreiheit werde durch die Wissenschaftsorganisation und Wissenschaftsverwaltung nicht berührt und diese lasse sich gegenüber jener absondern und nach Beleiben wissenschatfsfremden Verwaltungsnormen und Kompetenzen unterwerfen."[61)]

60) Ibid., pp.104 - 109.

61) Rupp und Geck, op. cit., p.13.

Maar verder sien hy in die suiwer opvoedkundige verhoudinge alleen maar raak die faktor van insig en kennis aan die kant van die dosent op grond waarvan die dosent dan 'n outoriteit op 'n bepaalde gebied is sonder om outoriteit te besit. In hierdie redenasie word hoege=naamd geen rekening gehou met die kwessie van amp en roeping nie. Dat die dosent geroepe is tot 'n bepaalde amp en dat hy daarin ge=plaas word in die posisie van dienskneg van die Een wat geroep het en gesagsdraer oor hulle oor wie hy gestel is, word geensins in be=rekening gebring nie. Die neutrale wetenskapsbeskouing en die ge=sekulariseerde mensbeskouing neem nie kennis van hierdie fundamen=tele aspek in gesagsverhoudinge nie.

Die ongeloofswetenskap erken immers nie die Outeur van alle outori=teit nie en opereer nie met die outoriteitsentrum in die menslike be=staan, nl. die Woord van God, nie. Wie hierdie basiese uitgangs=punte erken, ken ook aan die faktor van gesag sy regmatige plek toe in die opvoedkundige proses. Die balans tussen gesag en vryheid hoef dan ook nie in gedrang te kom nie. In die onderwys- en op=voedingsproses is die doel om die student te lei tot intellektuele on=afhanklikheid en tot kulturele volwassenheid. Hy moet gelei en ge=vorm word om vanuit die hart self te respondeer op die gesagsentrum in sy lewe nl. die Woord van God. So vind egte selfdissipline plaas. Die objektiewe norm is vir dosent en student dus bepalend. Outori=teitsuitoefening in onderwysverhoudinge word gekwalifiseer deur die roeping van die dosent om studente te bring tot 'n selfstandige, ver=antwoordelike respondering op die norm ooreenkomstig die Woord

van God.[62)]

Dit is ongetwyfeld so dat die universiteite in baie gevalle self die skuld dra vir die ondergrawing van hulle eie outoriteit. Wanneer die revolusionêre student met swaar vuiste aan die deure van die konsti= tusionele outoriteit hamer, het die universiteit eienaardig gereageer.

Martin Trow beweer dat die universiteite in die reël op die situasie gereageer het deur 'n poging aan te wend om die legitimiteit van die institusionele outoriteit te herstel. Dit het hulle egter probeer doen, nie op die tradisionele gronde van wysheid, tegniese bevoegdheid of sertifisering nie, maar op nuwere gronde wat neerkom op 'n reaksie teen demokratiese politieke prosesse.

Op so 'n wyse wou die universiteit aan die eise van die linkse studen= te voldoen. Aan hulle is verteenwoordiging gegee op gesagsliggame. Sogenaamde hervormings het oral plaasgevind, en dit het aan studente 'n groter rol in universiteitsbeheer toegeken, nie maar net ten op= sigte van studente-aangeleenthede nie maar ook ten opsigte van sake wat vroeër uitsluitlik deur dosente en administrasie behartig was. Klaarblyklik was die bedoeling hiervan nie om die beheer as sodanig te verbeter nie maar om die legitimiteit van die akademiese beslis= sing te versterk. Per slot van rekening het dit daarop neergekom dat die universiteit die soekgeraakte legitimiteit vir sy gesag van die

62) Cf. par. 7.3.4 hierbo.

studente gaan leen het. Die oorsprong van die gesag is op so 'n wyse in ooreenstemming met die hele liberalisties-individualistiese filosofie van die Amerikaanse samelewing verplaas na die individu met sy revolusionêre eise.[63)]

## 8.5 Beoordeling van strydpunte van die opstandige student

Die stelling is vroeër gemaak dat die studenteaktiviste hulle pyle hoofsaaklik op twee teikens gerig het, nl. die korporatief-gestruktu=reerde Amerikaanse samelewing en die universiteit. Soms is die twee teikens geïdentifiseer as een en dit is dan die „Establishment" genoem. Vir besprekingsdoeleindes is in hoofstuk 5 by dié ontle=ding die onderskeiding van strydpunte buite en binne die universiteit gehandhaaf.[64)] Hier by die beoordeling word dieselfde gedoen.

### 8.5.1 Strydpunte buite die universiteit

Sonder om weer in te gaan op die besonderhede van die belangrikste sake soos burgerregte, Viëtnamoorlog en militêre diensplig, kan as feit gekonstateer word, dat dit op die revolusionêr-gekondisioneerde studente geweldig provokatief ingewerk het.

63) Trow, op. cit., pp. 35, 36.

64) Cf. par. 5.2 en 5.3 hierbo.

Oor die vraag in hoeverre hulle die reg gehad het om so op te tree, loop die antwoorde uiteen. Talle skrywers soos Keniston, Flacks, Hampden-Turner, Newfield, Cohen, Hale en andere, gee die studente gelyk. Daar is andere, soos Hook, Feuer, Searle, Halleck en in die jongste tyd ook Mayhew en Shoben, wat die optrede van die op= standiges sterk veroordeel.

Dit is duidelik dat daar eens te veel faktore op die spel is om 'n di= rekte antwoord op die vraag te probeer gee. Eerder as om so 'n spekulatiewe waagstuk aan te vang, word die feit benadruk dat mens by die opstandige student met 'n diepgaande vertrouenskrisis te doen het. Hy het vertroue verloor in die politieke, in die kulturele, in die ekonomiese, in die godsdienstig-kerklike en in die opvoedkundige opset in sy vaderland. Met 'n onverbiddelike skeptisisme bejeën hy dus elke poging van die „Establishment" om die tradisionele te be= skerm. As Amerika hom as militêre bolwerk van die vrye wêreld teen die Kommunisme in Indo-Sjina aan die kant van Suid-Viëtnam skaar, dan is dit in die oë van die radikalis niks minder as huigelary en 'n ontsaglike staatkundige flater nie. Self deurdrenk met die teorieë van veral die neo-Marxisme, kon hy die operasies van 'n kom= munistiese mag aan die ander kant van die aardbol geensins as 'n be= dreiging beskou nie. Om verder sy lewe by wyse van militêre diensplig op die spel te plaas, is vir hom dus geheel-en-al futiel.

As huigelary het hy die optrede van die Amerikaanse regering bestem= pel omdat, naas die jarelange staatkundige koue oorlog tussen Ooste en Weste en naas die militêre sloerkonfrontasie in die verre Ooste, het daar in die sestigerjare 'n beleidsverandering gekom. Die

student het gaan redeneer: „All of a sudden there is a 'détente' and we discover that you, our government, believe that the 'enemy' is not a devil but a force to be bargained with and even co-operated with. And yet you, our government, persist in the distasteful practices without any longer the plausible excuses of the overriding moral-political demands of the 'crusade'. We say no. We discover now the secret machinations of the past which we knew about but never admitted we knew. We reject such machinations as immoral."[65] Die gebeurtenisse in 1972 ten opsigte van internasionale betrekkinge tussen Amerika en die kommunistiese lande, werp retrospektief be= sonder relevante lig op so 'n redenasie.

Wat die binnelandse opset in Amerika betref, skyn dit of die radikale student in sy heftige maatskappykritiek 'n groot mate van reg het. Die politieke stryd het meer en meer tussen die verteenwoordigers van groot korporatiewe belangegroepe plaasgevind terwyl die besluit= vorming en beleidsbepaling hoe langer hoe meer 'n ondeursigtige en gekompliseerde onderhandelingsproses tussen groot burokratiese or= ganisasies geword het. Die swaartepunt het allengs verskuif na die amptelike apparaat van die owerheid en die georganiseerde bedryfs= lewe. Hierdie „Establishment" kon wel in 'n groot mate sorg vir bestendige ekonomiese groei, tegnologiese vooruitgang, maatskaplike gerief, redelike inkomsteverdeling maar allengs het die ratte van die groot burokratiese masjien begin vasdraai.

65) Wallerstein. University in turmoil, pp. 23, 24.

Inflasie, woningnood, urbanisasieprobleme, verkeerschaos, lug-, aard- en waterbesoedeling, ens. het die vraagstukke van elke dag en van elke individu geword.[66] Korporatiewe liberalisme as positivering van „the American way of life" het gefaal. Dit het wel 'n konsekwente uitloper blyk te wees van die pragmatisties-georiënteerde Humanisme, maar dit het, paradoksaal genoeg, uiterste dehumanisering in die hand gewerk.[67]

In hoeverre die studenteaktiviste met al hulle aksies teen die „Estab= lishment" geslaag of selfs gevorder het, is 'n vraag wat nie maklik te beantwoord is nie. Oor die algemeen skyn dit asof daar op die politiek-staatkundige front 'n reaksie na regs gekom het. Die ver= kiesing van die uiters konserwatiewe goewerneur Reagan in Califor= nië was waarskynlik 'n direkte reaksie op die studenteonluste op die kampus van Berkeley. Ongetwyfeld is die jongste presidentsverkie= sing in Amerika 'n bevestiging van dieselfde reaksie na regs. In 'n ander opsig skyn dit egter asof die studenterevolusie geslaag het en nog steeds besig is om te slaag - dit is op die sosio-kulturele en morele front.

Om hierdie stelling te bewys, is dit nodig om op enkele verskuiwings van aksent binne die geledere van die studenteaktiviste te wys. Van die jongste ondersoeke het dit aan die lig gebring. Daniel Yankelovich

66) Cf. Van den Bergh, op. cit., p.3.

67) Cf. par. 6.6.3 hierbo.

kom na deeglike navorsing van studenteverhoudinge en -optrede in Maart 1972[68]) tot verrassende resultate waarby gedeeltelik met in=stemming aangesluit kan word.

By die noukeurige bestudering van studenterevolusie gedurende die laaste dekade word dit duidelik dat daar kennelik verskuiwing van ak=sente plaasgevind het. So, byvoorbeeld, het die radikaliste aanvank=lik begin met nie-gewelddadige metodes om hulle doeleindes te bereik. Teen die einde van die sestigerjare het hulle optrede al hoe meer ge=welddadig geword. Geboue is geplunder en aan die brand gesteek, hoogwaardigheidsbekleërs is geïntimideer, vuurwapens is meer en meer gebruik en verskeie betrokkenes het inderdaad hul lewe verloor. Dit het egter in die laaste twee jaar weer teruggeswenk sodat daar tans grotendeels 'n afsku is van geweld.

'n Tweede voorbeeld wat genoem kan word is die verskuiwing van 'n groter betrokkenheid by sosiale en politieke aksies en demonstrasies na 'n meer privatisering van hulle lewens. Die studenteradikaliste, so toon die jongste ondersoeke aan, gee meer aandag aan hulle eie private lewens waar hulle sogenaamd minder frustrasies beleef.

'n Derde verskuiwing en dit is verreweg die belangrikste, is dat die politieke revolusie afgeneem het in intensiteit terwyl die kulturele meer geartikuleerd en gedefinieerd as ooit tevore geword het. Dit

68) Yankelovich, op. cit., pp. 8 - 13.

het gebeur langs die weg van die ontkoppeling van politieke en kultu= rele waardes. In die reël is dit moeilik om die tweërlei revolusie te onderskei. Die kampus was immers die broeikas van beide. Vir 'n lang tyd was die politieke aksente die oorheersende, maar die politisering van die kampusse in die V.S.A. is besig om af te neem. Die kulturele revolusie het toegeneem in momentum, in om= vang en in intensiteit. Op die huidige dag lê die oorwig by die kul= turele omdat vir baie die politiek-georiënteerde aktiviste nog te veel met die apparaat van die „Establishment" opereer.

Die kulturele revolusie wortel ongetwyfeld in dieselfde onvergenoegd= heid in en afkeur aan die bestaande orde maar dit kom anders tot openbaring - dit is 'n bloedlose revolusie wat met dinamiese oer= kragte ruk aan die pilare van die politieke, ekonomiese, sosiale en morele en selfs godsdienstige struktuur van die V.S.A.

Dit word vergestalt in 'n uitdaging en verwerping van outoriteit op elke gebied. Dit kom tot uiting in 'n totaal nuwe benadering van moraliteit. Seksuele vryheid voor die huwelik, homoseksualiteit en aborsie word as deel van die nuwe moraliteit aanvaar.

Dit word ten slotte vergestalt in wat 'n nuwe naturalisme genoem kan word - 'n soeke van die self en die ander deur aansluiting te vind by die sogenaamde ongeskonde natuur, 'n uitlewing van die hoogge= roemde vryheidsideaal deur verwerping van alle opsmuk, mode, ge= ykte gedragspatrone en algemeen gangbare beroepsgerigtheid, ens. Die pendulum het deurgeswaai vanaf 'n bewuste, gedetermineerde be= heersing van die natuur in tegniek wat tegnokrasie geword het na 'n

non-chalante, byna traak-my-nie-agtige vryheidstrewe wat gevaarlik lyk na roekeloosheid, bandeloosheid en anargie. Die studenterevolu= sie was een van die belangrikste meewerkende faktore om Amerika se morele aangesig te skend..

Relevant is dit om op hierdie stadium enkele stellinge te maak ter evaluering van die kulturele revolusie, soos geïnisieer deur die Hippie-beweging. 'n Serieuse evaluering van die verskynsel mag egter nie een wees van hooghartige, emosionele, neerhalende en on= verantwoord-verdoemende kritiek nie. Eerder moet daar deernis wees jeëns en 'n poging tot nugtere begrip van losgeslane en anker= lose mense.

Die eerste stelling ter evaluering van die kulturele revolusie is dat dit 'n gevaarlike eksperiment was en is. Yablonski se bevinding na gerigte navorsing is per slot van rekening verdoemend: „The experimental voyage engaged in by around a quarter of a million of young people is a perilous trip."[69] Om later tot die samelewing wat hulle wou verander, terug te keer mag vir baie van hulle swaar spanninge meebring. Sommige deelnemers aan die Hippie-beweging mag tot die ontnugtering kom dat hulle fisies en emosioneel so ver= steur is, dat hulle vir die res van hulle lewe aan dwelmmiddels ver= slaaf bly. Diegene wat nie prooi geword het van 'n volledige dwelm= verslaafde lewe nie, mag van tyd tot tyd slagoffers van die eksperiment word. In elk geval mag verskeie jare van afwesigheid uit die veel=

69) Yablonski, op. cit., p.288.

eisende sosiale lewe menige „drop-out" so weerloos stel dat 'n suk= sesvolle beroepslewe in die formele struktuur van die samelewing pro= blematies, indien nie onmoontlik nie, blyk te wees.[70)]

Die tweede stelling is dat mens hier te doen het met mense wat 'n destruktiewe lewensfilosofie ten prooi geval het. Die flater van hier= die lewensfilosofie is dat die mens as sodanig wonderbaarlik verborge bronne in homself besit wat oopgeboor en beskikbaar vir homself ge= maak kan word, eenvoudig deur hom passief aan bepaalde stimuli te onderwerp. Dit sou volgens hierdie filosofie dan moontlik wees vir die mens om eenvoudig estetiese indrukke op jou te laat inwerk of om jou psigiese balans deur sekere chemiese middele so te laat ver= ander dat ontsaglike sensasionele ervaringe jou deel word.[71)]

Nie deur jou passief te onderwerp aan kunsmatige middele wat jou gees disoriënteer, kan mens kreatief ontwikkel nie, maar deur nugte= re inspanning en positiewe, konstruktiewe aktiwiteit. Die mens se gees en liggaam kan alleen deur gesonde voeding en oefening groei en ontplooi en nie deur 'n voorbedagte maar eventueel onkontroleer= bare disoriëntasie van gees en liggaam nie. „It may be said with surety that any artificial intervention into the infinitely delicate balance that nature created in man's psychic make-up proceeds at the cost of

70) Loc. cit.

71) Cf. Kennan, George F. The Student Left-rebels without a program. The Reader's Digest, Jan. 1969, pp. 81, 82.

the true creative faculties and weakens rather than strengthens."[72)]

Die derde en belangrikste punt van kritiek teen die Hippie-beweging en -lewensfilosofie is egter dat dit die vryheidsmotief totaal oorspan. Die doel van die kulturele revolusionêr is immers om homself geheel-en-al los te maak van alle knellende bande, van alle sorge en span= ninge. Sy motto is vrywording („liberation"), maar dan in die sin van totale, absolute vryheid. Maar so iets bestaan nie. Vryheid wat geen norme en wette aanvaar nie, is permissiwiteit, bandeloos= heid, anargie. Ware vryheid begin en ontplooi altyd met erkenning van orde en wette en met beoefening van selfdissipline en geloof. Kennan oortuig met sy redenasie: „There is in the hippies cultivation of an absolute freedom, and above all in the very self-destructiveness with which it often expresses itself, a selfishness, a hardheartedness, a callousness, and irresponsibility, an indifference to the feelings of others, that is its own condemnation. No one ever destroys just himself alone."[73)]

72) Kennan, op. cit., p. 82. In sy boek „The perfectibility of man" behandel J. Passmore op insiggewende wyse die sogenaamde nuwe mistisisme wat 'n paradys, hier en nou, wil skep. Van dwelmmiddelmisbruik merk hy tereg aan: „Drugs and mystical exercises ... deliberately set out to destroy consciousness, governed as it is by care; they seek to carry men back to the world without structure and order, in which contours and forms float free, the world of 'pure experience' ... The mystic wants us to forget everything we have learnt: in short, no longer to be human." Passmore, J. The perfectibility of man. London, Duckworthy, 1970, pp. 317, 318.

73) Kennan, op. cit., p. 82.
Die aanspraak wat van die kant van Hippies gemaak word dat

Per slot van rekening vind 'n mens by die Hippies 'n naïewe toewyding aan uitgesproke hedonisme. Die genotsmotief domineer en dit moet hier en nou en totaal beleef word met 'n prysgawe van alle institusio= nele kodes en gangbare etiese norme. Verlede en toekoms het in hierdie filosofie geen plek nie. Wat ander sê en wat ander dink is irrelevant en 'n „laissez-faire" houding karakteriseer die lewe van die hedonis.[74] Afgesien van die verwerplike gevolg dat hierdie lewens= filosofie die mens slaaf maak van omstandighede en van sy eie vlees, is dit in sy kern egoïsties en in stryd met die liefde tot God en die naaste.

8.5.2 Strydpunte binne die universiteit

Die tipiese struktuur van die universiteit is vroeër reeds prinsipieel vanuit die gesigspunt van die wysgerige sosiologie nagegaan en in perspektief gestel. Daar is vasgestel dat dit 'n normatief-gestruk= tureerde eie-aard vertoon wat aan die een kant diep in die tradisie wortel maar tog ook nie stagnant is nie, wat bepaalde inherente struk= tuurtipiese take behou maar wat tog in die lig van die nuwe eise en veranderde omstandighede dinamies is en nuwe uitdaginge en doelein= des kragtens sy interverbandsroeping wil en moet verdiskonteer.

dwelmmiddelgebruik 'n beter gemeenskapsgevoel kweek, word pynlik geloënstraf deur die beklaenswaardige en gebrekkige ver= gestalting van egte gemeenskap in die talle „communes". Cf. Passmore, op. cit., p. 317.

74) Cf. Wilson, Bryan. The youth culture and the universities. London, Faber and Faber, 1970, pp. 196, 197.

By die evaluering van die houdinge en gedragslyne, die idees en op=tredes, die kritiek en strydpunte van die opstandige student is dit ge=biedend noodsaaklik om ook die universiteit self weer in die visier te kry. In die lig van die struktuuranalise moet die, in die oog van die opstandige student, so verwerplike multiversiteit en dienssentrum be=oordeel word. En in dieselfde lig moet ook die, deur die opstandige student geïnisieerde, anti- of kritiese universiteit op die weegskaal geplaas word. Hierbenewens moet die universiteit soos dit in Ame=rika ontwikkel het, ook ten opsigte van verskillende ander aspekte, krities besien word.

Vooraf moet beklemtoon word dat hierdie kritiese beoordeling nie die oë vir die voortreflike, selfs uitmuntende wetenskaplike arbeid wat aan die Amerikaanse universiteite gedoen word, moet sluit nie. Dit is trouens die tragiese, byna ironiese kant van die hele revolusio=nêre gees wat aan die ontwikkel is en veral onder die studente 'n vaste patroon aangeneem het, dat die universiteit wat die meeste tot die intellektuele, kulturele, tegnologiese, ens. ontwikkeling van die land bygedra het, die eerste skyf geword het. Dit het ongetwyfeld ook die meeste onder die studenteonluste gely.

Dat die universiteit uiters kwesbaar is in omstandighede waarin die revolusiegees van die oppervlakte in enige samelewing verskyn, is deur die eeue heen bewys. Waaraan die kwesbaarheid in die sesti=gerjare toegeskryf moet word, is ook redelik duidelik. Faktore wat 'n rol gespeel het is ongetwyfeld psigologiese en ideologiese onvoor=bereidheid, onvoldoende en inadekwate interne beheer, 'n gebrek aan 'n uitgesproke beleid ten opsigte van toelaatbare grense van menings=

verskil, 'n ontstentenis aan duidelik-omlynde gedragskodes vir studen= te, verdeeldheid onder dosente ten opsigte van hantering van studente= onluste, die direkte betrokkenheid en selfs teensinnigheid van universi= teitsowerhede om 'n ferm maar regverdige standpunt in te neem.

Die kwesbaarheid van die universiteit setel naas al die bogenoemde faktore egter ongetwyfeld in die feit dat alle revolusionêre idees en handelinge lynreg in botsing is met die tipiese struktuur van die uni= versiteit. Dit is 'n gemeenskap van geleerdheid wat geensins op aggressie ingestel is nie en indien hy daarmee gekonfronteer word, dan staan hy byna magteloos.

Jeffrey Hart aksentueer hierdie aspek van die saak sterk en raak soos volg: ,,... the academy as an institution is vulnerable because of its own contradictions. The premise of the academy is that all questions will be submitted to 'discussion'. It is not pretended that all questions can be resolved, but when they are resolved it is to be through the discussion process ... The resort to force contradicts the premise of the academy as an institution. Thus, when a segment of the academy throws away the rules and resorts to force, the academy is unprepared and bewildered. In itself the academy does not possess the physical power to defend itself. ... And it hesitates to call the police, for its operative premises were established in a pre-revolutionary circumstance, when all accepted the discussion premise. Thus, when the Left ties up the dean and hoists a red flag over the math building, the academy tries to re-institute dis= cussion. It tries to 'negotiate' with the revolutionaries. It offers

fatuous concessions. Only to be met with escalating demands."[75)]

Waarskynlik vind ons in die pasgestelde verduideliking ook die eintlike antwoord op die vraag waarom so 'n klein persentasie soos 5% na 11% van die studentebevolking, daarin kon slaag om soveel paniek en chaos te saai. Mens sou selfs kon beweer dat hierdie feit dat die revolusionêre radikaliste so 'n uiters klein minderheid in die hele Amerikaanse samelewing was, hulle daartoe gelei het om op die mees kwesbare van alle instellings toe te slaan, nl. die universiteit. In geen enkele ander instelling sou hulle naasteby so ver kon gaan nie. Dit is trouens reeds die mees delikate masjien wat deur 'n klein korreltjie sand tot stilstand gebring kan word. „A handful of dis= rupters can 'close it up', simply by forcing all the constituencies into turmoil and through the agony of choosing between equally un= savory courses of action. It is easier here than almost anywhere else for a very small group to move ... A campus is a better trial ground for Debray's theories than Bolivia."[76)]

Die eintlike vraag wat egter op beantwoording wag, is of die opstan= dige student ten regte of ten onregte sy pyle op die universiteit ge= rig het. Hier word nie die wyse van optrede, die metodes dus, be= oordeel nie, maar net die legitimiteit van sy kritiek teen die heden= daagse Amerikaanse universiteit. In die lig van die struktuuranalise

75) Hart, Jeffrey, op. cit., p.42; Cf. Hoffmann, op. cit., pp.193, 198.

76) Hoffmann, op. cit., p.197; Cf. Hart, Jeffrey, op cit., p.43.

wat gedoen is, moet dan gekonstateer word dat die multiversiteit nie te aanvaar is nie. Vanweë die massaliteit van die inrigtings en ver= al vanweë die vinnige toename in getalle oor ongeveer twee dekades het daar ontsettend veel akkommodasie- en personeelprobleme ont= staan. Knelpunte het op elke terrein van die universiteit te voorskyn gekom met die gevolg dat rusteloosheid, frustrasies, depersonali= sering en dehumanisering nie kon uitbly nie.

In sulke omstandighede is die intensivering van wetenskaplike kommu= nikasie waarop allerweë aangedring word, totaal uitgesluit. Die we= sensaard van die universiteit as gemeenskap van dosente en studente is ingeboet vir 'n onpersoonlike, gemeganiseerde, robotagtige outo= maat. Dat die student, wat van dit alles die eerste en grootste dupe geword het, teen so 'n toestand in verset gekom het, kan dus ver= staan word.[77)]

Die tweede belangrike grief wat die opstandige student teen die univer= siteit geopper het, is dat dit in 'n kennisfabriek en diensstasie ont= aard het.[78)]

Ook wat betref hierdie kritiek van die student moet 'n groot mate van legitimiteit gekonstateer word as die universiteite in Amerika, globaal beskou, aan die maatstaf van die struktuur van die universiteit getoets

77) Cf. par. 4.3.2 hierbo.

78) Cf. par 4.3.3 hierbo.

word. Dit gaan immers nie maar om die navorsingstaak van die uni= versiteit wat 'n inherente deel van sy wetenskapsbeoefening is nie. Dit gaan om 'n industrialisering van die universiteit sodat sy navor= singstaak ten koste van sy onderrigtaak oorspan word, sodat hy met duisend bande gebind is aan en gekompromitteerd staan teenoor buite-instansies en sodat hy meer en meer die beeld gaan vertoon van die vertegniseerde samelewing self.

Die universiteit het 'n replika van die samelewing in drieërlei opsig geword: meritokraties, tegnokraties en burokraties.[79)] Hoffmann toon aan dat daar vandag uitgegaan word van die aprioriese stelling dat kennis mag is en dat geleerdheid die onbetwisbare voorwaarde is om seggenskap te bekom en leiding te neem. Hierin moet gesien word die triomf van die meritokratiese beginsel in die samelewing, 'n beginsel wat nou nie net die samelewing beheers nie maar ook die universiteit. Hiernaas het die supremasie van die wetenskap en teg= nologie waarin die universiteit die voortou geneem het, meegebring dat die universiteit self die sleuteldeterminant geword het vir tegno= kratiese samelewing. Deur middel van sy navorsing moes die uni= versiteit leiding gee ten opsigte van elke faset van die breed geskakeer= de samelewing. Hiermee het die afsondering van die universiteit ver= dwyn, die universiteit en samelewing het as't ware inmekaar gevloei en die universiteit is op elke front onderhewig aan en prooi van die tegnokraties-beheersde samelewing.

79) Cf. Hoffmann, op. cit., pp.179 - 189.

Dat die universiteit self ook deur die tegnokrasie beheers word, word meermale soos volg beskryf: Daar het 'n kennisontploffing gekom wat ingehou het 'n kompartementalisering van die kennis, 'n triomf van spesialisasie onder die dekmantel van professionalisme, die onder= myning van 'n algemene of breë onderwys waarby ook opvoeding inge= sluit is, die hiërargie van prestige en die daarstelling van 'n nuwe orde van wetenskaplike prioriteite wat bepaal is deur die uitgangspunt van die beste resultate. Dit het verder ook meegebring die afhank= likheid van die universiteit van die sogenaamde kennismark of beroeps= mark. En ten slotte het aan die universiteit 'n menigte van tegniese institute, sentrums, programme en margine-aktiwiteite ontstaan wat basies nie eie is aan die universiteit nie.

Een van die konsekwensies hiervan is ongetwyfeld 'n burokratiese struktuur. Die talle navorsingsprojekte en ondernemings wat die universiteit met soveel bande aan die samelewing bind, kan nie goed funksioneer as daar nie 'n uitgebreide verdeling van arbeid is en 'n hiërargies-gestruktureerde administrasie nie. In die Verenigde State van Amerika het die vermenigvuldiging en die groei van talle depar= temente wat ook teweeg gebring is deur die toenemende getalle van studente, 'n verdere bydrae gelewer tot hierdie burokratiese struk= tuur. Professionele administrateurs het op hierdie wyse 'n instel= ling geword en baie van die fakulteitslede is ook ingespan in die ad= ministratiewe opset sodat talle dosente naas hulle belangrike taak van onderwys en navorsing geweldig veel tyd moet bestee aan beplanning, beoordeling van verskillende situasies, opstel van regulasies en kon= trole ten opsigte van die uitvoering daarvan. By al die voordele wat 'n goed georganiseerde burokratiese sisteem inhou, het dit die

nadeel dat talle aktiwiteite wat deur doserende personeel verrig moet word, alleen maar sydelings te doen het of glad nie te doen het met hulle doseer- en navorsingswerk nie. In elk geval het dit op die student die uitwerking van frustrasie omdat dit anonimiteit in die hand werk.

Hierdie proses aan die universiteit het meegebring dat die hele opset van die universiteit vir die kritiese en radikale student die beeld gaan vertoon het van die moderne samelewing soos dit vandag in Amerika daar uitsien. Dieselfde trekke wat hierdie studente ten aansien van die samelewing irriteer, vind hulle ook nou terug in die universiteit. As die samelewing tegnokraties van aard is, d.w.s. 'n opset vertoon waarin die mag in die hande is van diegene wat die moderne wetenskap en die tegnologie die beste kan toepas op die praktiese probleme van die samelewing, dan vind hulle dieselfde struktuur ook aan die universiteit. As die samelewing vir hulle meritokraties voorkom, d.w.s. dat die toegang tot hoë posisies van mag en eer alleen verkry kan word by wyse van gesertifiseerde pres= tasies, dan vertoon die universiteit dieselfde karakter. As die same= lewing burokraties ingerig is, d.w.s. as die menslike aktiwiteite saamgetrek is in groot hiërargiese organisasies wat die skyn wek dat dit deur algemene onpersoonlike reëls en regulasies voortgestu word en wat deur 'n aantal hoë amptenare in beheer van die organi= sasies volgens eie goeddunke en soms selfs met groot provokasie oor= heers word - dan het die universiteit vir hierdie studente ook die= selfde karakter.[80)]

80) Cf. Bloustein, op. cit., p. 56; Cf. Lipset. Passion and politics, p. 17; Popma, op. cit., p. 25.

Hierteenoor moet gestel word dat die universiteit as sodanig hoege= naamd geen replika of mikrokosmos van die samelewing is of kan wees nie. Dit is 'n akademiese gemeenskap wat, histories en prin= sipieel gesien, nie met die samelewing, in watter verband ook al, mag integreer nie. Kragtens die beginsel van soewereiniteit in eie kring en kragtens sy eie-aard dra dit 'n eie verantwoordelikheid, beoefen dit 'n eie gesag en vryheid wat akademies gekwalifiseer is. Daniel Bell stel dit kernagtig soos volg: „... the university is not the microcosm of the society, it is an academic community, with a historic exemption from full integration into the society, and having an autonomous position in order to be able to fulfill its own responsi= bility, which is to conduct untrammeled inquiry into all questions."[81)]

Wat die „free universities" betref, dit is op inisiatief van die studen= teradikaliste oral aan die rand van bestaande universiteite opgerig. Die motivering vir die oprigting, die aard en karakter, die inhoud van die kursusse en die omvang van die verskynsel, is voorheen reeds bespreek.[82)]

Dit moet ongetwyfeld gesien word as 'n reaksieverskynsel. Dit staan in die teken van die kontrakarakter van die studente-subkultuur.

81) Bell, op. cit., p.101; Cf. Hoffmann, op. cit., p.193: „A thorough remodeling of the university along the lines of a technocratic bureaucracy and meritocracy might literally destroy what has been its traditional core."

82) Cf. par. 6.1.2.3 hierbo.

Menige opstandige student was nie maar tevrede met 'n negativistiese houding en optrede teen die bestaande universiteite nie. Besiel met die ideaal om sy eie ding te doen, het hy gemeen dat 'n nuwe instel= ling met 'n eie karakter van die grond af opgebou moet word. Dit moes nie maar net as 'n getuienis dien van sy misnoeë in die stereo= tipe nie, maar moes 'n vergestalting wees van sy eie idees in verband met 'n universiteit. Daarom moes die leerkragte onder dertig wees, die kurrikulum alleen die vir hom relevante, meestal gewaagde en revolusionêre, temas insluit en die beheer deur middel van 'n stelsel van deelnemende demokrasie uitgeoefen word.

As gevra word na die waarde en die effek van hierdie revolusionêre instellinge, dan kan dit miskien beskryf word as weerligafleiers. Die radikaliste het daar geleentheid gehad om ongestoord, sonder die voorskrifte van 'n universiteitsowerheid, alles self te behartig. Om= dat die „werk" wat daar gedoen is, nêrens geakkrediteer is nie, het dit tog ook weer misnoegdheid en frustrasies meegebring. Vir die student self kon dit hoogstens as 'n revolusionêre plus beskou word.

Op die universiteite self het dit soms 'n gunstige effek gehad omdat hulle langs hierdie weg sonder inspanning, van die grootste dwars= trekkers ontslae geraak het. As gevolg daarvan kon hulle in groter harmonie voortarbei. Verskillende universiteite het egter onmiddel= lik positief gereageer en op allerlei wyse, veral wat die inhoud van leergange betref, aan die „Free universities" se behoeftes probeer voldoen. Die leerstellinge van Frantz Fanon, Paul Goodman, Herbert Marcuse en Ché Guevara is oral in die leergange ingevoeg. Op die wyse het die universiteit gepoog om die giftige tande te trek van die

revolusionêre slang in sy boesem. Hierdie metode van die kant van die universiteit is deur die radikaliste as die metode van „repressive tolerance" gediskwalifiseer.[83)]

Word die maatstaf aangelê van wat 'n universiteit, prinsipieel gesien, moet wees, dan bemerk 'n mens in hierdie alternatiewe instellinge van die opstandige studente, weinig ooreenkoms. Dit is instellinge wat nie kan aanspraak maak op die struktuurtipiese kwalifikasies van 'n universiteit nie, dit laat nie reg geskied aan egte wetenskapsbeoefe= ning nie, dit bring die beginsels van gesag en vryheid in gedrang, dit oorspan die kritiese doelstelling van die akademie en dit kan hoogstens as verbygaande anargistiese eksperimente beskou word.

Dit is onmoontlik om die effek van studenteaktivisme op die universi= teite in die V.S.A. te bepaal. Dit lê nie alleen buite die oogmerk van hierdie studie om dit te doen nie, maar dit is moontlik dat die suiwere evaluering vir sover dit die effek betref, eers na jare suiwer gedoen kan word. Dit het in elk geval die universiteite allerweë ge= prikkel om hand in eie boesem te steek. Op buitengewoon uitgebrei= de skaal is navorsing gedoen, rapporte en memoranda voorberei, hervormingsplanne oorweeg ten opsigte van talle aspekte van die hoër onderwys.

Aspekte soos die volgende ontvang steeds nog aandag:

83) Cf. Glazer, op. cit., pp. 205, 206.

* bestaande dissiplines ten aansien van relevansie, inhoud en om=vang word grondig ondersoek;

* nuwe vorme van intellektuele inligting word ontwerp;

* alternatiewe leer- en leefmetodes word uitgetoets;

* sentra vir opvoedkundige navorsing en vernuwing word opgerig;

* nuwe toelatingsvereistes word beproef;

* beter administratiewe praktyke met doeltreffender beheer en dissiplinêre maatreëls word op die proef gestel;

* meer etnies-georiënteerde programme word in die akademiese kursusse opgeneem;

* aan die probleem van die groot persentasie van „drop-outs" word aandag gegee;

* groter verskeidenheid van metodes in onderrig word aanbeveel;

* toelaatbare vorme van meningsverskil en ontoelaatbare vorme van protes word uitgewerk;

* metodes om die universiteit paraat te hou vir geval van nood word aangewend;

* talle vorme van studentedeelname in die universiteitsbeheer word geïmplementeer. [84)]

84) Cf. Report of the President's commission, pp. 197 v.v.; Report of the special committee on campus tensions, pp. 49 - 51.

Uit hierdie kort opsomming van fokuspunte van die universiteitsaandag is dit duidelik dat die opstandige student homself voorwaar nie onbe= tuigd gelaat het nie. As hy daarin geslaag het om die universiteit, al is dit net prinsipieel-teoreties, terug te bring tot sy eintlike struk= tuurtipiese aard en funksies, dan het hy tog in 'n mate 'n positiewe doel gedien.

Die grootste uitdaging waarvoor die gemartelde moderne universiteit egter geplaas is, is waarskynlik om sy diepste bestaansreg as ge= meenskap van geleerheid tussen dosente en studente grondig te onder= ken. As die universiteit weer daartoe kan kom om in volle verant= woordelikheid terug te keer tot wat hy wesenlik is en moet wees, as dosente en studente in die volle besef van elkeen se akademiese toe= rekenbaarheid hulle intraverbandsroeping wou aanvaar, as die begin= sels van legale en rasionele gesag van egte akademiese vryheid en van soewereiniteit in eie kring weer in ere herstel word, dan kan die akademie nog 'n ontsaglike groot rol speel. As die revolusie= gees, egter, steeds voortgaan om oor hierdie uiters kwesbare instel= ling heen te waai, kan dit gebeur dat sy legitimiteit as die grootste kultuurvormende en koersbepalende samelewingsverband nog verder in die gedrang kom.

„What is needed is the exercise of the courage of one's conviction in maintaining the existence of the university as an institution dedicated to the intellectual advancement of students in an atmosphere of sound, objective scholarship practised by a fairminded faculty and administration. Academic lethargy is a luxury of the past. Com= promise with, or concession to, extremism is an open invitation to

graduated repetition. The inevitable result is institutional decline and fall."[85]

85) Brickman. Student activism and academic aparthy since 1963. (In Brickman and Lehrer, op. cit., p. 24.)